

- Meervoudigheid en eenheid van die kerk 2
- Haat en vrees 4
- Kommentaar oor „Pro Veritate” 4
- Indrukke uit die Buiteland 5
- Readers' Views 6
- Hoeveel moet ons aan die Here gee? 7
- Die swaarste van die wet 8

Geloftefees 'n Geleentheid vir Gemeenskaplike Christelike Getuienis

Die gelofte van 1838 is seker een van die bekendste verklarings uit die geskiedenis van Suidelike Afrika. En in die bewoording daarvan lê sekerlik een van die sterkste pleidooie opgesluit wat 'n mens kan vind vir 'n ekumeniese getuienis in die Republiek.

Om so'n stelling te motiveer is 'n kritiese ontleding vanuit verskillende gesigspunte nodig. Hieronder word slegs die gelofte self onder die vergrootglas geneem, en 'n paar ander gedagtes kortliks aangestip.

Eerstens as algemene riglyn is bewoording van die gelofte self. Hieromtrent aanvaar ons dat dit nie ligtelik gekies is nie, en dat dit vertolk moet word in die lig van die Protestantse agtergrond waaruit dit spruit. Hierdie woorde kan (inagnemende die verskriklike erns van die oomblik waarin die gelofte gemaak is, wil ons beweer dat so 'n vergelyking veroorloof is) vergelyk word met die „sleutels van die hemel”; D.i. sekere persone word ingesluit en so ook word sekere gebeurtenisse (betsy, dade, woorde of gedagtes) in- of uitgesluit.

Dit is duidelik dat die geloftehoërs hulleself insluit in die VASTE VERPLIGTING: „... dat WIJ die dag en datum . . .”, „dat WIJ een ampel tot Zijn eer zullen stichten”, en „dat WIJ het ook aan onze kinderen zullen zeggen . . .”. Met ander woorde hulle het besef dat hulle net maar namens hulleself kan praat en nie by magte is om namens hulle naaste beloftes te maak nie (Ongelukkig leer ons dan egter dat die gelofte wat in 'n oomblik van diepe benoudheid gedoen was, alou vergeet word, en 'n skamele vyf jaar daarna is dit slegs die sendeling Erasmus Smit wat 'n poging aanwend om 'n groep mense bymekaar te kry om die fees te vier).

Met die Christelike vryheid as riglyn, staan dit egter ander gelowige Christene-vry om ook uit 'n diepe dankbaarheid hierdie dag as 'n dankdag soos 'n sabbat deur te bring. So 'n konstatering dui dan ook aan wie hier uitgesluit word, aangesien geen ongelowige instaat is om 'n dag soos 'n sabbat, 'n rusdag in die Here, deur te bring nie.

DIE JUISTE VIERING VAN GELOFTEFEES

Dit is dan ook heel vanpas dat één gelowige sy medegelowige sal herinner aan die dure stof tot dankbaarheid wat vloei uit die geskiedenis rondom die gelofte heen . . . en hieruit vloei dan die volgende gedagte, naamlik: Wat moet en mag plaasvind by so 'n Geloftefees en wat nie?

Die antwoord, eweneens uit die gelofte . . . „Dat ZIJN NAAM daardoor verheerlijkt

zal worden dat de ROEM EN DE EER VAN DE OVERWINNING AAN HEM (alleen) zullen worden gegeven”. Wat hier gebied word is duidelik. Ewe duidelik is dit dat hierdie fees dan ook nie gebruik mag word om enige ander doel te dien nie, sonder dat dit afbreuk doen aan die enigheid van God nie.

Dit val dan seker heeltemal binnêre bestek van bostaande as die gelowige skare wat so 'n fees bywoon nie alleen met dankbaarheid terugkyk op die verlede nie, maar dat die gelofte gebruik word as 'n bymeekaarmaakplek om die oog te same te rig op die mikpunte vorentoe wat daarop gerig is om SY NAAM groot te maak, en ook sal kennis neem van die gevare en bedreigings wat hulle op daardie pad voorlê.

Veral op lg. terrein egter word daar dikwels oortree. Ruimte om hieroor uit te wy ontbreek en die doel van hierdie artikel is ook nie negatief nie, daarom volstaan ons hier met die stelling dat dit hier moet gaan om die goddelike stryd van die gelowige teen die magte van die hel, en NIE om die onderlinge stryd tussen wit en swart, of tussen Afrikaner-nasionalisme, Britse imperialisme en „swart nasionalisme” nie.

Die beginsel dat daar by Geloftefees eers 'n erediens gehou word en daarna 'n volksgespraak, word in die meeste gevalle só toegepas dat die erediens die oog op die God van die Skrifte laat val en die volksgespraak die klem laat verskuif na terreine waar Christus slegs maar as 'n ondergeskikte deel van die verrigtinge beskou word . . . Hier veral dink 'n mens aan die tradisionele rassebeleid as hoof-tema, of die posisie van die Afrikaner-kultuurvolk in die samelewing. Sulke onderwerpe is seker nie ongeoorloof nie. Maar die omvang daarvan en die wyse waarop die beklemtoning geskied, neig al te dikwels om aan die eer van God afbreuk te doen.

Hierdie verskynsel is dan ook die gevolg van 'n diepgaande filosofiese beskouing by baie nl. dat die Afrikanerdom die draer is in Suidelike Afrika van die Christelikheid; asof die voortbestaan van die Kerk

van Jesus Christus afhanklik sou wees van die voortbestaan van die Afrikaner-kultuurvolk. Dié gedagte moet ten sterkste ontken word, nie om afbreuk te doen aan die dure verpligting wat daar op elke Afrikaner-gelowige rus t.o.v. sy eie kultuurgoedere nie, maar om die regte orde te beklemtoon nl. dat die Afrikaanse kultuurvolk bestaan om God te verheerlik. Net soos daar 'n Engelstalige kultuurvolk met dieselfde doel hier bestaan . . . of 'n Kleurling- of Indiër- of Sotho- of Zoeloevolk.

HOOFSAK IS DAT HULLE BESTAAN DIE LOF VAN DIE DRIEENIGE GOD VERKONDIG.

En al sou een of meer van hierdie groepe verdwyn, of al sou die hele bestaande orde mettertyd deur 'n ander vervang word, dan kan daar nog nie sonder meer beweer word dat dit sou veroorsaak dat die Christelike lig alhier daardeur geskaad sou word nie. M.a.w. die Kerk dra die kultuurvolk en nie andersom nie.

BEROEP om INSLUITING VAN ANDER CHRISTENE

Die besware teen die huidige tendense op Geloftefees moet nie vertolk word as 'n aanval op die integriteit of gelowigheid van alle feesredenaars nie. Dit het selfs in die verlede al gebeur dat 'n feesredenaar die onbenydenswaardige taak te beurt val om die teologiese mistasting van die predikant wat die erediens gelei het in die reïne te moet stel. Dit is slegs maar die beginsel wat hier onder skoot kom. Trouens met 'n „suiwerder” konvensionele agtergrond om hom te lei, sal dit vir die predikant wat die Geloftefees lei dan ook nie so maklik wees om in die strukke van die volkserk-gedagte vasgevang te raak nie.

Soos egter reeds gesê was, is hierdie artikel 'n pleidooi vir 'n ekumeniese getuienis op Geloftefees. Met meer ruimte beskikbaar, sou daar hier 'n poging aangewend kon word om die geskiedkundige regverdiging vir so 'n pleidooi na te speur, deur byvoorbeeld te kyk na die deelname van die Engelstalige jagters en handelaars E. Parker, Robert Joyce

Die gelofte van ons voorvaders:

„MIJNE BROEDERS EN LANDGENOOTEN, HIER STAAN WIJ THANS OP DIT OOGENBLIK VOOR EEN HEILIG GOD VAN HEMEL EN AARDE, OM EEN BELOFTE TE DOEN, DAT, ALS HIJ MET ZIJNE BESCHERMING MET ONS WEZEN ZAL EN ONZEN VIJAND IN ONZE HANDEN ZAL GEVEN, DAT WIJ HEM OVERWINNEN, DIEN DAG EN DIEN DATUM, ELK JAAR, ALS EEN DANKDAG, ZOALS EEN SABBATH, TOT ZIJN EERE, ZULLEN DOORBRENGEN. EN DAT WIJ HET OOK AAN ONZE KINDEREN ZULLEN ZEGGEN, DAT ZIJ ER MET ONS IN MOETEN DEELEN, TOT GEDACHTENIS OOK VOOR ONZE OPKOMENDE GESLACHTEN. WANT DE EERE VAN GOD ZAL ER DOOR VERHEERLIJKT WORDEN, DAT HEM DE ROEM EN DE EERE VAN DE OVERWINNING WORDE GEGEVEN.”

en Alexander Biggar (van wie die Biggersberg sy naam ontleen het) aan die slag van Bloedrivier; of om die bewering te ondersoek wat onlangs in 'n Natalse koerant verskyn het, dat die bekende Dick King 'n heldhaftige poging aangewend het om die Trekkers by Blaauwkrans te waarsku, en dergelike meer.

Verder sou ons die „status quo” wou ontleed om byvoorbeeld te sien watter regverdiging vir ons doel daar te vinde

is in die beroepe, nie alleen van teoloë nie, maar ook van staatsmanne en kultuurleiers dat die bevolkingsgroepe mekaar moet vind.

Op dieselfde grondslag, nl. die gelofte, die geskiedkundige agtergrond, en die huidige omstandighede, kan 'n sterk saak uitgemaak word vir die deelname van die nie-blanke Christene aan Geloftefees, en hierdie artikel moet ook in daardie lig gesien word.

(Vervolg op bladsy 6)

Let the Church be the Church!

THAT sounds almost too obvious to be worth saying. Its explosive character—particularly in our South African situation—becomes clear when we ask the question “But what is the Church?” The word “Church”, and, even more, the related words “Kirk”, “Kerk”, “Kirche”, points to the decisive characteristic of the Church—that it is “Kyriakos”, that it belongs to God, that it is the people of God.

Even that sounds very obvious. What does it imply? It implies that the Church is brought into being by God, that it owes its loyalty to God, that it receives its marching orders from God, that it receives new life, new strength from God, that it looks to God for both judgment and approval. Still obvious? Then does it change the picture if, every time after the word “God” appears, we add “and God alone”?

The title of this article assumes, does it not, that the Church is, in some ways, not the Church, that it has been diverted from its true aim, its true purpose of existence, because we have allowed worldly standards, worldly values, worldly ideals, worldly ideologies, to invade the Church. The title implies that there is a need for the Church to be recalled to its true life, its true message, its true mission. It implies that we no longer take our orders from God, but from other sources as well, that we have, as the expressive Old Testament phrase has it “gone a-whoring after other gods”.

PROOF:

A bald statement like that needs to be justified. Can it truly be said that the Church has compromised with the world? Is it a fact that we have allowed worldly standards to invade the Church? Here is

proof: Ask the average Church member the question “What is a successful Church?” Nine times out of ten, the answer will come back: “A successful Church is one that is always full on Sundays, that has a growing membership, that has no debt, that has a booming budget.” Not a word of faithful worship, of humble loyalty to God, of growing faith and knowledge, of lowly service that pervades the whole community with a spirit of love. Or, ask the question “What is a successful minister?” and, again the same worldly standards are applied—his church is full on Sunday, he has influence and prestige, his congregation has cleared off a debt in a remarkably short time. We need the sobering caution of a famous Dutch theologian: “We must make sure that we do not decide that we shall succeed. If we decide to succeed then we may succeed without succeeding in God's way. But if we go on from day to day, seeking to do his will, then we shall be prepared to receive success from him—if he so wills it.”

Or, take the average Church member. He will stand in Church on Sunday to repeat the Apostles' Creed, and, at the time he says it, may even believe it. But he lives basically not by what he says. Deep in

(Continued on page 6)

Die Gereformeerde Aksent op die Meervoudigheid en die Eenheid van die Kerk

BY die Gereformeerde siening oor die kerk word beide sy meervormigheid en sy eenheid benadruk.

Gereformeerdes aanvaar die Heilige Skrif as hul waarheidsmaatstaf. Hul siening oor die pluriformiteit en ekumenisiteit van die kerk word dus uit die waarheid van die Skrif afgelei.

Kortliks wil ons let op die Gereformeerde siening oor bogemelde aspekte van die struktuur van die kerk en dan verder ons aandag bepaal by die verband wat Gereformeerde kerke moet soek in hulle gebillikte meervormige gestalte.

1. DIE MEERVORMIGHEID VAN DIE KERK

Verskeidenheid van taal en kultuur onder die volkere het volgens die Bybel by Babel ontstaan. Dit het gevolg as 'n straf op die sondige selfverheffing van die mens. In sy wysheid en in sy algemene genade het God hierdie verskeidenheid onder die volkere laat voortbestaan. Hy gebruik dit tot sy verheerliking. Die besondere openbaring kom tot ons in die bedding van 'n bepaalde kultuur. Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag word die verskeidenheid van tale deur God geëer. Daar word gespreek met elkeen in sy eie taal „oor die groot dade van God” (Hand. 2:11). God seën hierdie prediking in afsonderlike tale. Op die Pinksterdag word „omtrent drieduisend siele toegebring” (Hand. 2:41). Paulus, die groot apostel tot die heidene, sluit hom aan by die taal- en kultuuragtergrond van sy hoorders. Hy wil vir die Jode soos 'n Jood word en vir die sonder die Joodse wet soos een sonder die Joodse wet. (1 Kor. 9:20-1). In Hand. 21:40-22:2 lees ons hoe Paulus wat gewoonweg in Klein Asië en Griekeland in Grieks gespreek het, die Jode te Jerusalem in Hebreeus aanspreek. In Openb. 7:9 word vir ons beskrywe hoe die ware gelowiges, wat as triomferende kerk om die troon van die Lam in heerlikheid vergader, gesien word as „uit alle nasies, volke en tale”. Die Bybel eerbiedig dus verskeidenheid van taal en kultuur in die kerk veral vanaf Pinkster tot op die wederkoms van Christus.

Dis op grond van hierdie en ander skrifwaarhede dat die Gereformeerde kerke taal- en kultuurverskeidenheid eerbiedig in die kerk. Daarom het die Gereformeerde kerk 'n veelvormige gestalte aangeneem. 'n Ordereëling is getref vir die prediking van die Woord en eiesoortige kerke het ontwikkel volgens taal- en kultuurverskeidenheid in belang van die duidelike prediking van die Woord en innige eiesoortige belewenis in aanbidding. In een van die jongste navorsingstukke van die Internasionale Sendingraad (1959) verklaar R.K. Orchard: “To have dealings with a man is to deal with a man who has a specific mother tongue, has certain patterns of thought given through the cultural setting in which he has been brought up, is effected by specific social customs and so on. He exists in these conditions, and to proclaim the Gospel to him as he actually exists is to proclaim it in terms of those conditions” (bl. 52).

'n Pluriforme kerkpatroon is in Gereformeerde kring gevolg vanaf die tyd van die Reformasie. Dit is verstaanbaar. By die Gereformeerdes was die duidelike verstaanbare prediking van die Woord sentraal.

Reeds in 1578 word, volgens 'n besluit van die Sinode van

Dordt, die Frans- en Nederlandsprekende Gereformeerdes in Nederland georganiseer in aparte gemeentes, ringe en partikuliere sinodes. Hierdie reëling word ook besluit van die Nasionale Sinode van Dordt 1618-9.

Onder die bewind van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie was die gedagte van een staatskerk baie op die voorgrond. In Suid-Afrika en in Nederlands-Oos-Indië is aanvanklik veelrassige gemeentes opgebou. Na mate die sendingarbeid van die Gereformeerde kerke in hierdie gebiede uitgebrei het onder verskillende etniese groepe gedurende die neëntiende eeu is mettertyd eiesoortige kerke ontwikkel. In Nederlands-Oos-Indië kom so afsonderlike gemeentes in Rings- en Sinodaalverband tot stand. In Suid- en Sentraal-Afrika word deur die Gereformeerde sendinge eiesoortige kerke vir Bantoe, Indiërs en Kleurlinge opgebou. Dr. Donald Fraser het hom in 1926 as volg uitgespreek oor die Bantu Presbyterian Church gestig deur die Skotse Sending in Suid-Afrika: “My own conviction is that this is the better line of development.” (The Church Missionary Review June 1926 pp. 119-21).

'n Gereformeerde teoloog van formaat soos dr. A. Kuyper spreek hom in 1898 as volg uit in sy Stone-lesings in Princeton: “Na een historie van drie eeuwen mag getuigd, dat deze veelvormigheid, die van den practijk van het Calvinistich beginsel onafscheidlik is, den bloei van het godsdienstig leven veel sterker bevordert heeft, dan de afgedwongen eenheid waarin Rome heil zoekt” (Het Calvinisme bl. 56).

Op grond van die Heilige Skrif en die ervaring het Gereformeerdes dus met goeie reg die meervormige gestalte van die kerk beklemtoon.

Hulle het egter ook klem geleë op:

II. DIE EENHEID VAN DIE KERK.

Die Bybel spreek in duidelike taal oor die eenheid van alle gelowiges in Christus. In Hom is daar nie meer „Jood of Griek nie”, „slaaf of vryman nie” (Gal. 3:28). Christus is Koning van sy hele kerk—versamel uit alle volkere. Die eenheid van die kerk in Christus is 'n geestelike eenheid wat eers waarlik sigbaar sal word in heerlikheid hierna (vgl. Openb. 7:9): Maar die Skrif leer tog ook, dat die eenheid van die kerk op aarde sigbaar moet word. In Ef. 4:3 word gelowiges vermaan om „ernstig te strewen om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.” In sy hoëpriesterlike gebed bid die Heiland, vir sy uitverkorenes: „dat almal een mag wees . . . sodat die wêreld kan glo” (Joh. 17:21). Dié eenheid waarom Hy bid slaan nie op die een-

heid van die uitverkorenes hierna nie, want daar sal dan nie meer 'n ongelowige wêreld wees nie. Dit slaan ook nie op die onsigbare eenheid nie, want die wêreld moet sien om te glo. Die eenheid van die uitverkorenes in Christus is ook reeds 'n werklikheid. Waarom sou Christus nog daarom bid? Volgens Ef. 4:3 rus daar op gelowiges 'n heilige verpligting tot eenheidstrewen en volgens Ef. 4:15 moet die eenheidstrewen gepaard gaan met 'n betragting van die waarheid in liefde.

Die eenheid van gelowiges kom op verskillende wyse tot openbaring volgens die Skrif: Dit kom tot openbaring in die gesindheid van wedersydse liefde (Koll. 3:14), en wedersydse en gesamentlike diensbetoning. (1 Kor. 16:1-4; 2 Kor. 8,9). Dit word belewe in gesamentlike voorbidding. Gedurig wek Paulus die gemeentes daartoe op. Dit kom ook tot openbaring in gesamentlike aanbidding. Op dieselfde Pinksterdag toe die Woord aan elkeen „in sy eie taal” verkondig is, is dit ook aan almal tesame deur Petrus verkondig en was daar toe gesamentlike aanbidding om die sakramente van die doop. Later het gesamentlike aanbidding van gelowiges uit die Jode en die heidene meermale voorgekom. Die eenheid van gelowiges het ook tot openbaring gekom in gesamentlike getulenis. Christus gee sy sendingbevel aan die elf dissipels en daarmee aan die hele kerk (Matt. 28:16).

Die eenheid van die gelowiges in Nieu-Testamentiese tye het ook tot openbaring gekom in hul kerkverband. Hoewel die Nuwe Testament taal en kultuur eerbiedig by die verkondiging van die Woord vind ons nêrens dat kerke absoluut geskei word op grond van taal en kultuur nie.

Waar Gereformeerdes steeds die meervormigheid van die kerk beklemtoon het, het hulle ook baie duidelik gepleit vir 'n kerkverband wat strek oor die grense van taal en kultuur om so die eenheid van die kerk onder sy een Koning tot openbaring te laat kom. Die Sinode van Dordt maak voorsiening vir 'n Generale Sinode waarop beide Nederlandsprekende en Franssprekende gelowiges sitting sal hê. Die Presbiteriaanse kerk in Skotland maak in sy „Second Book of Discipline” voorsiening vir 'n „Generall Councelle of the hail kirk of God”. In Indonesië word die sinodes vir die afsonderlike etniese groepe weer in een liggaam verbind.

Gereformeerde teoloë het die handhawing van 'n kerkverband oor taal- en kultuurgrense heen meermale bepleit. In 1552 skrywe Calvin aan Cranmer in Engeland: „Wat my aangaan indien my hulp van enige nut sou skyn te wees dan sou dit my nie te swaar val nie, as dit moes, om deur tien seë te vaar nie. Waar dit gaan om so 'n gewigtige saak soos die ooreenstemming van geleerde manne volgens die reël van die

Skrif op die regte wyse saamgestel, waardeur die kerke, wat nou so ver van mekaar verwyder is onderling sou saamgroeï en verenig word, sou ek dit ongeoorloof ag om daarvoor enige arbeid of moeite te ontzien.” In dieselfde Stone-lesing waarin A. Kuyper enersyds groot waardering toon vir meervormigheid in die kerk verwerp hy andersyds besluit die Volkskerk-gedagte. Hy spreek homself as volg uit: „Een nationale kerk, die één enkel volk omvat, is een heidensche, hoogstens een Joodsche gedagte. De kerk van Christus is oecumenisch. Niet een enkel land, heel de wereld is haar territoir” (bl. 57). In sy verwerping van die volkskerk-gedagte bepleit A. Kuyper dus 'n kerk wat oor nasionale en volksgrense heen strek. Nog duideliker spreek hy hom in hierdie verband uit in sy Tractaat der Reformatie, waar hy handel oor die plaaslike en die algemene kerk: „Opdat dit locale uitgangspunt aan de grootsche en heerlijke gedachte van de eenheid der kerk geen afbreuk doe, deze locale kerken met elkaar in verband moeten treden en wel door de inrichting van classis en synode, liefst gelijk te Dordt, tot wereldsynode uit te breiden”.

By die aanvaarding van sy emeritaat as professor aan die Vrye Universiteit te Amsterdam stel H. H. Kuyper (die seun van A. Kuyper) dit duidelik dat die kerk van Christus nie slegs in die plaaslike gemeente maar ook as algemene kerk moet sigbaar word. Hy sê: „Er is wel eens te eenzijdig de nadruk op gelegd dat de ecclesia localis de zichtbare openbaring van Christus' lichaam zou zijn alsof de eenheid van Christus' lichaam niet evenzeer tot openbaring moest komen in de ecclesia universalis” (Rede bl. 31-2).

DIE IMPLIKASIES VAN DIE SKRIF

'n Mens is genoodsaak om jousef af te vra: Wat is nou die implikasies van die uitprake van die Skrif, van Gereformeerde teoloë en die Gereformeerde praktyk i.s. die meervormigheid en eenheid van die kerk, vir Gereformeerdes in Afrika? Daar bestaan vandag reeds twee liggende wat Gereformeerde kerke oor die wêreld heen aanmekaar snoer:

(i) Die Wêreldalliansie van Gereformeerde en Presbiteriaanse kerke en

(ii) Die Ekumeniese Gereformeerde Sinode.

Op lokale vlak is die saak van grootste belang vir ons ongetwyfeld:

III. 'N VERBAND TUSSEN MOEDER- EN DOGTERKERKE WAT HUL MEERVORMIGHEID EN HUL EENHEID EERBIEDIG.

Indien dit noodsaaklik is dat Gereformeerde kerke in wê-

reldkring verband moet soek oor die grense van taal, kultuur en bevolkingsgroepe heen, dan is dit nog meer gebiedend noodsaaklik, dat hulle so 'n verband op lokale vlak sal soek. Die Gereformeerde siening is immers dat gelowiges plaaslik verband moet soek om dan wyer uit te kring. H. Bavinck spreek hom in sy Gereformeerde Dogmatiek (Deel IV 4e Druk bl. 357) as volg uit oor die plaaslike kerke (ecclesiae particulares):

„Deze laatsten zijn plaatselijke openbaringen van het eene mystieke lichaam van Christus, zijn daarom geestelijk één, staan krachtens haar historichen oorsprong met elkander in verband en zijn tot het onderhouden der gemeenschap met allen, die hetzelfde geloof deuchtig zijn, van 's Heeren wege verplicht” . . . Geene enkele kerk en geen enkel levend lid maat dankt zijn ontstaan aan eigen wil of aan het werk van menschen. Christus heeft hem, zij het ook door middel van de bediening des woords, geroepen en vergaderd . . . zoo zijn het dan niet wij, maar is het Christus alleen, die bepaalt . . . met wie wij in gemeenschap hebben te leven”.

Die Nederlandse Gelöofsbelydenis verklaar in Art. XXVIII: „Ons glo — aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van die wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie — dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig; om die eenheid van die kerk te bewaar”.

Moeder- en dogterkerke is wesenlik een kerk. In die vorige eeu het die Ned. Geref. Kerk, die Gereformeerde kerk en die Hervormde kerk in Suid-Afrika om sekere redes apart van mekaar gaan staan, hoewel hulle nog dieselfde belydenisgrondslag aanvaar het. Dit was en is nie eens die geval met hierdie Gereformeerde kerke en hul inheemse dogterkerke nie. Prof. T. N. Hanekom sê van die Ned. Geref. Kerk (Kaapland): „Die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika is nie 'n kerk vir blankes alleen nie, maar tel onder sy aanhangers sowat driekwart miljoen inboorlinge onder wie Kleurlinge, Bantoe en Asiate . . . In werklikheid behoort hulle dan ook nie aan 'n ander kerk nie maar aan dieselfde kerk in 'n ander kerkverband” (Grense bl. 51).

Is moeder- en dogterkerke in Gereformeerde kring dan nie „van 's Heeren wege verplicht” om verband te soek nie, veral waar hulle in dieselfde lokaliteit langs mekaar bestaan?

Die meerdere selfstandigwording van die inheemse dogterkerke en die dringendheid dat moeder- en dogterkerke saam sal getuig maak die daargestelling van 'n direkte verband (Vervolg op bls. 8).

PRO VERITATE

Lack of Contact.

For many years Christians in both cultural groups have been aware of the lamentable lack of contact on a Christian level between Afrikaans- and English-speaking Christians. Although our co-existence in one country and one community has resulted in regular intercourse in the spheres of commerce, sports and social life, Christians on both sides of the cultural line must confess with deep regret that as Christians we have been lacking in sorely needed attempts to build attitudes of trust and mutual understanding in a country deeply divided by political and cultural differences.

The causes for this unhappy and unhealthy division are to be found in the events of the past where, on the Afrikaans-speaking side the Afrikaner has felt that his political, cultural and educational aspirations were being stifled by the other national group, while on the other hand the English-speaking South Africans have felt that their traditionally more liberal outlook on human and race relations were being misinterpreted or misunderstood, and that there was a lack of recognition for their contribution to the cultural and economic life of the country.

For many years this state of affairs has widened the gulf and increased the misunderstanding between these two groups to such an extent that it also affected church relationships adversely. Up till 1948 there was still the link between Afrikaans- and English-speaking churches through their membership of the Christian Council which was severed when the D.R. Churches withdrew from membership in 1948.

Thus we now have the tragic position that at the present time there is no official contact through a church council acknowledged by the churches serving the spiritual needs of Afrikaans- and English-speaking Christians, and, as far as we can judge, it will take a considerable time before any such body will be established which can function effectively as a unifying factor between these church groups.

However much we may regret this position, what is still more deplorable is the attitude taken up by many Christians on both sides. A large section of our church-going people is either quite indifferent to this sinful severing of the body of Christ or they blame church leadership for this state of affairs. Although the clergy of all the churches must bear a great deal of the guilt, we must in all honesty point out that this unchristian division could never have developed so far if responsible and influential lay people in both church groups had upheld and voiced their Christian convictions in this respect, namely that Christ calls us to a unity above all other divisions. How different could the course of church relationships in South Africa have been if our Christian laity had realized that throughout history great movements of spiritual renewal and unity practically always started from small individual groups of Christians convinced of their calling and committed to their cause?

Let us squarely face the position in our church life in South Africa to-day: the advent of the Republic has led our Prime Minister to express the hope that a new era of better understanding and closer co-operation will dawn in our country. While we sincerely support this call we must also point out that if leading Christians on both sides of our two cultural groups had understood their calling as Christians they would long ago have taken the lead in building bridges of Christian trust and fellowship between these two groups which must also of necessity have led to a new relation of mutual understanding and friendship between white and non-white in South Africa. Christians in all churches must confess with shame that through lack of vision and neglect of duty the sin of separation has crept in in all our relations.

Let us also fact the hard fact that without frank and full admission of past mistakes and deep hurts which have been inflicted, no restoration of healthy relations is possible. True Christian unity is only possible on a basis of honesty, and honesty demands the acknowledgement of all injustices done on both sides in obedience to Christ's demand of Matthew 5:23-24.

On this basis a new approach is possible. The unity of Christ's church as well as the dangers threatening Christianity to-day demand that we no longer shirk our duty. Through Christian discussion groups as well as similar fellowship circles formed by interested Christians from both cultural groups a new spirit of understanding and friendship will spring up which must influence the whole fabric of society in South Africa. We invite views and suggestions for such closer co-operation and better understanding for publication in our paper. But above all we urge all Christians to unite in prayer for this great cause, because united prayer always leads to united action and witness.

Bybelse voorligting oor Rasseverhoudinge.

Enigiemand wat die korrespondensie van ons dagblaai oor bogenoemde vraagstuk van rasseverhoudinge volg en wat moeite doen om met lidmate van ons verskillende kerke oor die saak te gesels, sal toestem dat dit dringend noodsaaklik geword het dat daar vollediger Bybelse voorligting oor die vrae rondom

(Vervolg op volgende kolom)

SOOS

„Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

— Joh. 20:21.

In die sending van sy dissipels word die sending van Christus na die wêreld voortgesit. Hierin bestaan die erbarmende genade van God dat deur die lewe en arbeid van sy gemeente die gekruisigde en opgestane Heiland voorttrek op sy segetog na die uiterstes van die aarde. Maar juis hierin lê ook die verantwoordelijkheid van die gemeente. Uit haar woord en daad moet Jesus Christus en Hy alleen aan die wêreld voorgestel word.

Eenmaal toe die oë van almal in die sinagoge in Nazareth op Hom gerig was, het Hy gesê dat Hy gestuur is om die wat verbrysel van hart is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan die blindes die herstel van gesig; om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

Is dit wat sigbaar word uit die lewe en getuïenis van die gemeente, die Jesus wat die skare innig jammer gekry het omdat hulle moeg en uitgeput was soos skape wat geen herder het nie?

'n Vriend van tollenaars en sondaars is Hy; die Goeie Herder wat deur al die drek en ellende; deur alle skeidings heen agter die verlore skaap aangaan — sodat dit sal wees een kudde, een herder.

Hy wat in die gedaante van God was, het Homself ontledig

en die gestalte van 'n dienskneeg aangeneem. En as die Kneeg van die Here het Hy ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra. Daarvoor het sy Vader Hom in die wêreld gestuur. Is dit ook die lewe van sy gemeente? Is dit nie al lewe wat sy gemeente kan hê nie?

En die antwoord wat die wêreld hierop het, is die kruis. Maar ook hierin, juis binne-in die lyding en kruis het die hand van die Vader Hom gestuur. Daarom mag dit ons nie verbaas nie dat Hy sy dissipels uitgestuur het met die woorde: „Ky, Ek stuur julle soos lamers onder die wolwe.”

Oor die roeping van die kerk hang die skaduwee van die kruis: moet die skaduwee van die kruis hang. Die Evangelie van genade is bereken om aanstoot te gee — en die gemeente mag nooit die aanstoot uit haar verkondiging wegneem nie. Die verkondiging van die vergifnis van sonde en van die geregtigheid is 'n struikelblok en 'n aanstoot.

Na die mate wat die gemeente Christus verkondig, na die mate het sy deel aan die kruis. „'n Dienskneeg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg.” Die eerste gemeente het alhoewel die waarheid van hierdie woord aan gees en liggaam ondervind . . . en hulle daarvoor verbly! (Hand.

(Vervolg van vorige kolom)

onse rasse- en kleurverhoudinge benodig word. Eerstens is dit nodig om Christene daardeur te herinner aan die feit dat die Bybel as die Woord van God die lig en antwoord op hierdie vrae het en dat die Bybelse waarhede oor hierdie sake die grondslag en uitgangspunt vir ons ganse denke en oordeel moet vorm. Tweedens moet ons insien dat, indien die kerk die lig van die Woord nie helder laat skyn oor vrae van die dag nie, wêreldlike instansies na vore sal kom om hulle ideologieë en leringe te propageer op so 'n wyse dat daardeur maklik onsuivere opvattinge bevorder kan word wat geweld aandoen aan die waarheid en die saak van die Koninkryk oneindig skade kan berokken.

In ons Afrikaanse kerke is daar in Sinodale besluite en dié van ander kerklike vergaderinge die afgelope jare belangrike waarhede oor die vraagstuk van die Skrif en rasseverhoudinge uitgespreek waarvan duisende lidmate niks of weinig weet — om van artikels in teologiese blaaië nie eers te praat nie. Hierdie gebrekkige kennis by talle lidmate kan toegeskryf word aan gebrek aan genoegsame belangstelling van hulle kant, aan moeilik verstaanbare formuleringe van sodanige verslae en besluite, en aan die feit dat hierdie bevindinge nie op groot skaal in hanteerbare vorm en in „verteerbare” taal aangebied is nie.

Ons is bewus van die feit dat verskeie Christelike kerke in Suid-Afrika die afgelope tyd dié as groot leemte in die geestelike opvoeding van hulle lidmate gesien en probeer verhelp het deur die uitgawe van reekse pamflette en kort brosjures oor die saak, waarin duidelike voorligting gegee word oor die lig wat die Bybel ons skenk. In die geval van een kerk, die Metodistekerk, is opdrag aan 'n spesiale afdeling, dié oor Christelike burgerskap, gegee om die reeks pamflette op te stel en toe te sien dat gemeentes dié ontvang en daarvan gebruik maak by hulle Bybelkringe en ander gemeentelike byeenkomste. Ons het ook kennis geneem dat 'n kerk soos die Rooms-Katolieke Kerk hom daarop toelê om in sy herderlike briewe en ander geskifte gereeld sulke voorligting aan sy lidmate te gee.

Dit het dringend noodsaaklik geword om hierdie leemte in genoegsame voorligting aan lidmate van die Afrikaanse kerke onder die oë te sien. Baie van die verkeerde opvattinge of eensydige meninge wat oor rasseverhoudinge bestaan is te wyte aan gebrek aan kennis oor wat die Woord van God ons leer oor sulke begrippe soos menswaardigheid, naasteliefde, geregtigheid en barmhartigheid, en oor sulke sake soos lidmaatskap van blank en nie-blank aan dieselfde kerk, afsonderlike of gesamentlike aanbidding en Nagmaalsbediening, gemengde huwelike en so meer.

Met so 'n groot groep van kundige Bybelkenners onder die teoloë van die drie Afrikaanse kerke behoort dit geen probleem te wees om sulke deeglike Bybelse voorligting in kort brosjurevorm en in verstaanbare taal aan ons lidmate te bied nie. Hierdie uiteensettinge, gegrond op die Woord en ons Belydenisskrifte, kan dan dien as basis van bespreking en toeligting by Bybelkringe, bidure en konferensies om so die helder Bybelse lig te laat skyn oor baie van die vraagstukke waarvan die oorweging vandag vertroebel word deur tradisionele, politieke of emosionele benaderinge wat nie eerstens of altyd in die Skrif gewortel is nie en wat dus geen blywende antwoord kan bied nie. Wie bely: In U lig sien ons die lig, sal ook begeer dat sulke voorligting moet geskied.

5:41). Die vyande het met koersagtige haat die gemeente vervolgd omdat die Opgestane in die lewe van die gemeente onmiskenbaar gesien kon word.

Martelaarskap en getuïenis is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Daarom gebruik die Bybel vir albei slegs een woord. En daarom is verdrukking en vervolging die waarmerk vir die egtheid van die getuïenis van die gemeente. Andersom: as die gemeente vind dat haar getuïenis oral in die smaak val en dat sy applous daarmee verdien, dan het die tyd gekom om haarself af te vra of die Christus van die Skrifte nog die inhoud van haar boodskap is.

In die sending van sy dissipels word die sending van Christus na die wêreld voortgesit. Hierin is ook die troos vir die gemeente weggeleë. Dit is Hy wat uitgaan; Hy die Oorwinnaar. Agter die martelaarskap van sy Kerk staan Hy. Die laaste woord is syne. Wanneer Stefanus sterf, dan STAAN Hy aan die regterhand van God omdat Hy deel daaraan het. En wanneer die laaste klippe val op die kragtigste getuie van die eerste gemeente, dan het Hy reeds sy hand gelê op Saulus wat die vermoording goedgekeur het, om sy Woord verder te dra.

Aan sy opdrag is verbind die vrede van die Paasoerwinning en deur sy gesondenes heen en voor hulle uit trek die Heilige Gees om die weg vir die Woord te baan — tot aan die uiterstes van die aarde.

Here, U is die ware wynstok. Sonder U kan ons niks doen nie. — Amen. W.J.C.

LAAT BERIG.

Prof. A. S. Geyster sal in die Julie- en Augustusuitgawes van „Pro Veritate” 'n bydrae in twee afleweringe doen oor: „Die Godheid van Jesus Christus”.

Met die oog op die groot aanvraag wat daar vir die blad gaan wees en weens die feit dat daar net 'n beperkte aantal los eksemplare van die blad gedruk word, word belangstellendes versoek om tydlig op die blad in te teken om teleurstelling te voorkom.

LAAT BERIG.

By ons ter perse gaan het ons verneem dat in die reeks van KERK EN WERELD, wat onder redaksie staan van dr. D. J. Bosch, dr. W. D. Jonker, ds. A. A. Odendaal (Witzieshoek), dr. J. A. van Wyk en ds. A. S. van Niekerk, daar 'n brosjure van die hand van dr. W. D. Jonker verskyn onder die titel: DIE SENDINGBELANGE VAN DIE NED. GEREF. KERK VAN TRANSVAAL, waarin die hele verhouding van moeder- tot dogterkerke, die status van sendelinge en aanverwante vraagstukke in prinsipe sowel as in praktyk bespreek word. Ons hoop om in ons volgende uitgawe volledige gegewens oor die inhoud en opset van die brosjure te verstrek.

VOORBEELD TER NAVOLGING

Een van ons lesers wat onbekend wil bly stuur ons die name en adresse van 40 persone. Om hulle 'n jaar lank die blad kosteloos te besorg sluit hy R100.00 in. Baie dankie vir die mooi gebaar. Wie volg?

Indrukke uit die Buiteland

1. Kerk in V.S.A. onder skoot oor „Kommunistiese tendense”.

Die kerk van Christus is deur die eeue heen van talle kante aangeval. Daar was die beskuldiging van ontrouheid aan die staat deur die Romeine, toe die Christene geweier het om die keiser te aanbid. Die vroeë kerk moes hom verskuil hou in die katakombes van Rome, omdat hulle as 'n staatsgevaarlike element gesien is.

Vandag word talle kerke, leraars en gewone lidmate in Amerika van kommunistiese affiliasies verdink. Amerika se McCarthy-periode is amptelik iets van die verlede, maar op die oomblik beleef McCarthy 'n nie-amptelike herlewing. Tans is dit nie die staat wat elke Amerikaner as 'n potensiële kommuniste beskou nie, maar wel die publieke opinie wat op die heksejag uit is. Die vraag is in hoeverre gaan hierdie beweging na regs deurwerk na die hoër kringe in die Huis van Verteenwoordigers, of gaan dit beperk bly tot 'n klein maar invloedryke groep van Amerikaanse burgers?

DIE KERKE WORD BESKULDIG VAN KOMMUNISME.

Die aanval is in die eerste instansie geloods teen die Nasionale Raad van Christelike Kerke, 'n organisasie van Protestantse Kerke met 38 miljoen lidmate in Amerika, wat hom beywer vir nouer samewerking van kerke onderling en waarvan die meeste groot Amerikaanse kerke lede is.

Predikante word beskuldig van linkse idees, ondermynende bedrywighede en vir landsverraaiers. Hierdie beskuldigings het eintlik ontstaan in 1953, toe J. B. Matthews, 'n lid van senator Joseph McCarthy se kommissie van ondersoek na on-Amerikaanse aktiviteite, bykans alle predikante beskuldig het van kommunistiese neigings. Sowel die Amerikaanse publiek as president Eisenhower was so geskok oor die grondelose beskuldiging, dat Matthews onmiddellik van sy pos onthef is.

In Februarie 1960 het die Amerikaanse lugmag 'n handboek aan hulle kadette voorgeskryf, waarin talle aantygings teen die kerke gemaak is met betrekking tot kommunisme. By name is die invloedryke „National Council of Churches” van Amerika hierin as orgaan vir kommunistiese propaganda genoem. Toe die Nasionale Raad van Christelike Kerke in Amerika 'n ondersoek na die beskuldigings eis, het die lugmag die handboek teruggetrek en dit selfs gerepudieer. Die skade was egter gedoen, en talle buitekerkelikes trek hulle skouers betekenisvol op as oor die kerke gepraat word . . . want dit is mos broeiplekke vir kommunistiese propaganda. Talle ander groepe, veral ook onder die onvermoede ywer van 'n afgesette Presbiteriaanse predikant, Carl McIntire, het hierdie beskuldigings van kom-

munistiese tendense by kerke, en veral by die Nasionale Raad van Christelike Kerke aange-gryp, en heftig aangeblaas. Hierdie beskuldigings van kommunistiese infiltrasie is deur McIntire veral gemik teen die Wêreldraad van Kerke, en toe die Russiese Kerk met sowat 60 miljoen lidmate onlangs by die Algemene Vergadering van die Wêreldraad te Delhi in Indië tot die geleedere van die Wêreldraad toegetree het, was dit vir McIntire en sy „International Council of Christian Churches” (gestig om te dien as teenvoeter van die Wêreldraad) die finale oordrag van die Christendom aan die Kommunisme.

Die kerke word beskuldig dat kommunisme in belangrike posisies geïnfiltrer het, dat die kerke in hulle sosiale prediking soms die kommuniste begunstig (bv. deur te pleit vir die toelating van Rooi Sjina tot die V.V.O.) en dat talle predikante linkse beskouings huldig.

Hierdie aantygings is natuurlik maklik om te maak, maar uiters moeilik om te bewys, of selfs te weerspreek. 'n Geval wat talle kerkleiers nog goed onthou, is die van die Methodistebiskop Bromley Oxnam. Daar was talle beskuldigings teen hom as sou hy 'n kommunist wees. 'n Amerikaanse senaatskomitee het in 1953 'n ondersoek na Oxnam ingestel, en eenparig bevind dat hy nog nooit enige kommunistiese affiliasies gehad het nie, en ook geen sogenaamde „kommunistiese neigings” toon nie. Tog het dit geensins 'n einde aan die beskuldiging teen Oxnam gebring nie, en vandag nog word by die naam van Oxnam se naam die aanmerking gemaak: waar 'n rokie trek, brand 'n vuurtjie. Talle publieke publikasies van die Nasionale Raad van Christelike Kerke verdoem die kommunisme as ideologie, maar hierdie

feite maak geen indruk nie, en die beweging na regs sal hierop net almiskie antwoord.

Bybelvertaling Kommunisties?

Die nuwe Bybelvertaling in Amerika, die sogenaamde „Revised Standard Version” word deur talle regs-gesindes veroordeel weens vermeende kommunistiese invloed wat die vertaling weerspieël. Die Bybelvertalers word beskuldig van deelname aan ondermynende (subversive) aktiwiteite, hoewel die vertalers erken word as die bekwaamste godgeleerdes in Amerika.

Hoeveel Predikante is Kommunisties?

Talle syfers word „amptelik” aangehaal om aan te toon hoeveel predikante in Amerika „kommuniste” is. J. B. Matthews het reeds in 1953 beweer dat daar 7,000 predikante in Amerika is wat kommunistiese ondersteuners is. Volgens die jongste getalle is daar 614 Presbiteriaanse, 1,411 Anglikaanse en 2,109 Methodiste predikante „kommuniste”.

Hierdie wilde gegoël met syfers het Ralph Roy aangespoor om 'n wetenskaplike studie te onderneem in hierdie verband en sy bevindings is vervat in sy pasverskene boek „Communism and the Churches”. Volgens hom het sowat 25 predikante uit 'n halfmiljoen Protestantse predikante in Amerika kommunistiese neigings en affiliasies in die verlede getoon. Hulle bedien geen-een 'n gemeente nie, en die 25 vorm nie eers een honderdste van een persent van die totale getal predikante in Amerika nie.

Die „John Birch Society”

Die beweging na regs het homself in 'n paar sterk organisasies verskans. Een van die bekendste organisasies in hierdie verband is die John Birch Society onder die leiding van Robert Welch. Hierdie organisasie tel reeds meer as 'n honderdduisend in die 50 state van Amerika, en is venynig skerp in sy oordeel. Robert Welch gaan sover om Harry Truman, President Eisenhower en John Foster Dulles kommuniste te noem, en verklaar dat die kommuniste alle groot beslissinge wat Amerika sedert 1941 geneem het beïnvloed het.

Kerk moet politiek laat vaar, siele bearbei

Die groot besware teen die kerke in Amerika is dat hulle hulle inlaat met sake wat niks met godsdienst te doen het nie. Die sosiale prediking, waarin die kerke dit waag om selfs oor politieke, ekonomiese en sosiale vraagstukke te besin in die lig van Gods Woord word ten sterkste afgekeur. Die gevoel heers by talle kerklidmate wat ook lid van die „John Birch Society” is dat die kerk niks te doen het met politieke en ekonomiese vraagstukke nie, maar dat die kerk hom moet bepaal by die bearbeiding van „siele”. Waar die leraar hom „bemoei” met sake wat op die politieke of ekonomiese terrein lê, kan hy seker wees dat hy

groot moeïkhede op die hals haal vir homself, sowel as vir sy gemeente. 'n Predikant in die suidelike state in Amerika het gepreek teen rasse-diskriminasie in die kerk. Hoewel 'n geïntegreerde kerk die amptelike beleid van sy kerk was, het die gemeente verkies om 'n predikant te hê wat hom nie steur aan die amptelike beleid van sy kerk nie — of altans dit nie verkondig nie. Die lidmate het geweier om bydraes te gee, vir vier Sondae was die kerkbywoning gemiddeld drie per Sondag. Hy moes bedank as predikant, en bedien nou 'n gemeente in die noordelike state.

So het 'n kerkraad van 'n gemeente in Kansas van die Baptiste-kerk onder invloed van die „John Birch Society” besluit om sy R25,000 sinodale verpligtinge terug te hou totdat die Baptiste-kerk uittree uit die Nasionale Raad van Christelike Kerke. 'n Metodiste gemeente in Indiana het hulle leraar verbied om weer uit die Rooi Bybel, die „Revised Standard Version” te lees.

Tsombe van Katanga 'n held!

Ek het talle voorbeelde van 'n definitiewe beweging na regs in Amerika gevind, wat my beslis vyf jaar gelede tydens my verblyf in Amerika nie opgeval het nie.

By Columbia Universiteit, waar op die muur vyf jaar gelede 'n plakkaat gepryk het om studente op te roep tot „protes oor Suid-Afrika se

Die skrywer van hierdie artikelreeks, waarvan die eerste oor die kerk in die V.S.A. handel, het onlangs 'n uitgebreide reis in die buiteland onderneem. Die volgende artikel handel oor Indië.

onmenslike rassebeleid”, was nou 'n ander plakkaat. In Maart word 'n erepenning deur 'n sekere groep oorhandig aan die moedige stryder teen kommunisme in Afrika — Tsombe van Katanga. Die studente word opgeroep om hulde te bring aan 'n moedige vegter teen die wrede hede van die V.V.O. in die Kongo—Tsombe.

Van die V.V.O. gepraat: Vyf jaar gelede was die V.V.O. baie hoog aangeskrewe by Amerikaners. Slegs by een geleentheid het 'n Amerikaner destyds minagtend daarna verwys as die „East River Debating Society.” Na die Goa insident in Indië se openlike en onverhinderde aggressie aldaar, was daar twee menings duidelik sigbaar onder die gewone Amerikaners. Een groep het geglo die V.V.O. is klaar dood en begrawe — maar 'n ander, meer optimistiese groep het gemeen dat die V.V.O. beslis nog nie dood is nie, hy is net op sterwe.

SKOOLINTEGRASIE

Wat skoolintegrasie betref, is daar deur die hele Amerika ook 'n beweging na regs duidelik sigbaar. Gedwonge integrasie word as 'n onontbeerlike euwel aanvaar, maar die blanke ontwyk dit deur na die buitewyke van die stede te verhuis. Die negers bly dan in die stede sit met die geïntegreerde skole, wat spoedig weer uitsluitlik negerskole word, en in die buitewyke waar bykans geen negers woon nie, is daar weer uitsluitlik blanke skole. As voorbeeld dien die stad Washington D.C. So geweldig was die verhuising van

die blankes na die buitewyke, dat die hoofstad van Amerika, Washington, nou die grootste verhouding negers van enige stad in die V.S.A. het. Vyf-en-sestig persent van die inwoners van Washington is negers. Ek vrees dat skoolintegrasie in Amerika gedurende die afgelepe 5 jaar in trurat gevorder het.

Wat is die toekoms van die beweging na regs in Amerika? Talle mense meen dat dit 'n reaksie is op die stryd in die koue oorlog; 'n psigologiese gevolg van Rusland se ruimteprestaties. Ander voel weer dat dit 'n manewer van groot kapitaal in Amerika is, om op dramatiese wyse hulle rykdomme te probeer beskerm teen 'n moontlike kommunistiese aanslag, wat die einde van hulle kapitalisme sal beteken. Die volk moet nou deur rilstories gekondisioneer word vir verset teen enige sosialistiese aanslag.

Die invloedryke New York Times skryf in 'n hoofartikel dat dit nie die eerste keer in die geskiedenis is dat die kerk van ondermynende bedrywighede beskuldig word nie. Twee duisend jaar gelede is die Christendom so ondermynend en revolusionêr geag, dat die mense die Stigter daarvan gedood het. Vandag sal grootgeldmagte nog steeds trag om die boodskap van die kerk, die prediking, die swye op te lê. Tot sover die New York Times.

Een interessante ooreenkoms het my egter opgeval tussen hierdie bewegings na regs in Amerika, en die kerk in Rusland. Russiese kerkleiers het op my vraag wat hulle profetiese taak teenoor 'n ateïstiese kommunistiese bewind is, geantwoord: „Die kerk het niks te maak met die politiek nie. Die politiek is 'n saak vir die staat. Die kerk moet die mens se siel bearbei.” Omdat dit die Russiese kerk se houding is, word hulle geduld, selfs deur die kommunistiese bewind. Die kerk in Rusland doen presies wat die bewegings na regs van die kerke in Amerika verwag — hulle „bemoei” hulle nie met politieke vraagstukke nie, kan derhalwe nooit 'n bedreiging vir die staat wees nie, kan deur hulle prediking nooit die staat in „verleentheid” bring nie. As die kerke in Amerika die patroon volg wat die „John Birch Society” vereis dan maak hulle dit vir die kerk moontlik om 'n kommunistiese bewind nie alleen te aanvaar nie, maar ook te duld. As die kerk egter, getrou aan sy roeping, ook alle politieke, sosiale en ekonomiese sake gaan meet aan die eise van Gods Woord, sal die kerk en die Kommunisme nooit gelyktydig dieselfde bodem kan beset nie. Juis die sosiale boodskap van die kerk behoort die dolksteek in die hart van die Kommunisme te wees.

In 'n onderhoud met Eugene Carson Blake, die voltydse sinodale skriba van die Presbiteriaanse kerk, oor die sg. bemoeienis van predikante met politieke aangeleenthede, het hy betekenisvol hom as volg hieroor uitgelaat. Gemeentelede maak nooit beswaar oor politieke bemoeienis as die leraar se politiek met hulle eie sienswyse ooreenstem nie. Hy „bemoei” hom met die politiek as sy beskouing van hulle beskouing verskil. As sy politieke bemoeienis met die van sy lidmate ooreenstem, dan is hy net 'n getroue bedienaar van die Evangelie. Dit herinner mens aan die ou gesegde: „Orthodoksie is my doksie, heterodoksie is jou doksie.”

G. J. SWART.

Reader's Views

Prof. H. du Plessis bespreek

Eenheid en Pluriformiteit

Geagte Redaksie,

Met die volgende konklusie van dr. Geertsema in u uitgawe van 15 Mei kan ek my vereenselwig: „Wanneer gelowiges in dieselfde kerkverband 'n verskillende kultuuragtergrond het en 'n verskillende taal spreek, is dit geen rede om die een kerkverband op te splits in meerdere kerkverbande nie.” Dr. G. wil dus die eenheid van die kerk handhaaf. Daaroor verskil ons nie.

Maar hy erken ook die noodsaaklikheid van die instituering van aparte gemeentes, klassisse (ringe) en partikuliere sinodes vir die nie-blanke lidmate. Hy hou dus ook rekening met die differensiasiebeginsel. Ook dit moet waardeer word. Mindere kerkvergaderings kan volgens hom om praktiese redes soos taal en kultuur gevorm word, maar „inne bepaalde landsgrense (soms ook oor landsgrense heen) behoort daar vir al die gemeentes, van watter ras of volk ook al, een Algemene Sinode te wees.

Differensiasie is dus volgens hom wenslik in die geval van mindere vergaderings tot by partikuliere sinodes, maar van aparte algemene sinodes kan daar alleen sprake wees op grond van geografiese geskiedenis. In een en dieselfde land kan 'n kerk nie opsplits in verskillende kerkverbande met verskillende Algemene Sinodes nie. In die geval van die Algemene Sinode val die praktiese moeikhede waarmee hy rekening hou m.b.t. die mindere vergaderings volgens hom dus weg, of dit is nie meer 'n belang nie.

Dit moet waardeer word dat dr. G. so begaan is oor die eenheid van die kerk en dat hy so bevrees is dat dit in die gedrang kom as 'n aparte kerkverband gevorm word, maar ons is tog van gedagte dat daar o.a. die volgende ernstige praktiese en prinsipiële besware teen sy voorstelle ingebring moet word. In die eerste plek is daar die beswaar dat die pluriformiteitsgedagte, waarmee hy deur die erkenning van die instituering van aparte mindere vergaderings tot 'n sekere mate rekening hou tog weer nie tot sy reg kom nie as al die gemeentes van verskillende etniese groepe in een Algemene Sinode saamgebind word. Dit sou neerkom op 'n dooie eenvormigheid en nie ware eenheid nie. Waarom hy alleen in die geval van geografies van mekaar verwyderde kerke verskillende Algemene Sinodes wil erken, kan ons nie begryp nie. Die geografiese is tog nie die belangrikste aspek nie en dit word al minder 'n onoorkomele struikelblok vir die saamvergadering van kerke van verskillende lande in een Algemene Sinode. Tog sal niemand daaraan dink om een Algemene Sinode te vorm vir bv. die Nedl. en S.A. Geref. gemeentes nie. Pluriformiteit is nodig en is daar, nie vanweë die geografiese geskiedenis nie, maar vanweë nasionale differensiasie.

In die tweede plek is daar die beswaar dat sy voorstelle prakties sal neerkom op die verlies van die selfstandigheid van die nie-blanke gemeentes, want in so 'n gesamentlike Algemene Sinode sal die blankes vanselfsprekend die leiding neem en sal die blanke meerderheid beslis.

Maar ons beswaar is veral gerig teen dr. G. se opvatting dat 'n aparte en onafhanklike kerkverband(e) gevorm word as die nie-blanke gemeentes 'n eie Algemene Sinode of Sinodes sou vorm. Die beslissende i.s. die vraag wanneer 'n aparte kerkverband gevorm word, is dus die instituering van aparte Algemene Sinodes. Dit wil ons ten sterkste ontken.

As navolgenswaardige voorbeeld vir ons noem hy die Papoease kerkverband in Nedl. N. Guinea, waarin die verspreide Nedl. gemeentes 'n aparte klassis vorm maar saam met die Papoease gemeentes in een Algemene Sinode saamkom. Maar daar is 'n ander voorbeeld van kerkverband, ook uit Indonesië, waarvolgens o.i. sowel die selfstandigheids- as die pluriformiteits- en die eenheidsgeagte beter tot hulle reg kom. Ons bedoel die kerkverband bo nasionale vlak van die Protestantse kerk in Indonesië. Hierdie een kerk was tot 1948 geïnstitueer in drie verskillende Algemene Sinodes, hoewel die eenheid van die een kerk steeds lewendig besef is. Maar die vraag, waarvoor die kerk gestel is, was hoe die eenheid ook institutêr tot uiting moes kom. Die voorstel van die destydse Kerklike Bestuur dat hierdie bestuur moes vervul en vervang moes word deur een Algemene Sinode vir al die gemeentes en dat die bestaande Algemene Sinodes gedegradeer moes word tot Partikuliere Sinodes is egter hartstogtelik bestry, omdat die sinodes onder geen omstandighede hulle selfstandigheid wou prysgee nie. Aan die ander kant is net so hartstogtelik gepleit vir die bewaring en handhawing van die eenheid van die een Protestantse kerk. As oplossing is uiteindelik met akklamasie aanvaar die erkenning van die bestaan van die verskillende Algemene Sinodes en die handhawing van hulle selfstandigheid en dat verder 'n Algemene Vergadering, wat verteenwoordigend van die verskillende sinodes sou wees, gevorm word vir die behartiging en bespreking van gemeenskaplike belange. Dit is dus 'n kerkverband bo nasionale vlak, maar nie in een Algemene Sinode nie.

En dit is presies waarop die besluite van die Algemene Sinode (1961) van die Geref. kerke in S.A. oor die saak neerkom. Hiervolgens is daar verskillende gemeentes en meerdere vergaderings tot by Algemene Sinodes vir die verskillende etniese groepe in S.A. nodig, nie op grond van rasse- of kleurverskille nie maar van etniese differensiasie. Maar daardeur word nie aparte van

mekaar onafhanklike kerkverbande gevorm nie. Dit bly die een Geref. kerk wat oor gemeenskaplike sake saam in die een Algemene Vergadering of „Ekumeniese” Sinode besluit. Dit is 'n kerkverband van die een kerk maar bo nasionale vlak.

Ek sou net soos dr. G. beswaar maak as die kerk opgesplits moet word in verskillende van mekaar onafhanklike kerkverbande, en daarom glo ek nie dat die verskille tussen ons so diepgaande is dat ons mekaar nie kan vind nie. As hierdie skrywe 'n bydrae hiervoor kan wees, sal ek bly wees.

H. DU PLESSIS.

Potchefstroom.

AANKONDIGING

In ons volgende uitgawe sal dr. B. Engelbrecht sekere aspekte van die verhouding van Jesus Christus as Seun tot God die Vader behandel. In die lig van die groot belangstelling wat hierdie vraag in die teologiese wêreld in Suid-Afrika gewek het behoort hierdie artikel van besondere belang te wees vir almal wat daarin belangstel.

„Moeder- en Dogterkerke” in Indonesië.

Geagte Redaksie,

In die berig in „Die kerk in die wêreld” oor die Gereformeerde Kerke en die ekumene gebruik u die uitdrukking „MOEDER- EN DOGTERKERK” as u praat oor die Gereformeerde Kerke in Nederland en Indonesië. Moeder en Dogter dui egter op 'n sekere gesagsverhouding, wat by hierdie twee groepe glad nie bestaan het nie. Dit blyk ook uit u berig, dat Indonesië by die Wêreldraad aangesluit het, maar Nederland nie. As u daarmee bedoel dat die Kerke in Indonesië voortgekom het uit die Nederlandse Kerke dan is die uitdrukking juis, hoewel dit verwarring kan skep. Soos ek sê is die Kerke in Indonesië heeltemal selfstandig. Nou was daar kerke waar die taalmedium Hollands was, hoewel die aantal Nederlanders die laaste jare baie min was. Die Indonesiërs en Sjinese wat lid was van dié kerk het almal Hollands as hulle huistaal gebruik. Op die kerkraad het Nederlanders, Sjinese en Indonesiërs gedien, wat nooit enige moeilikheid gegee het nie.

Die meeste kerke het egter

die streektaal as taalmedium gebruik soos Javaans, Madoerees, Soembanees ens. Al die kerke met hulle verskillende taalgewoontes het egter deel uitgemaak van één Generale Sinode, waar almal gelyke regte gehad het. Die Sendingkerke het inderdaad voortgekom uit die Moederkerke in Holland. Interessant is miskien nog dat die Sending vanuit Nederland nie georganiseer is deur die Sinode nie. Die Gereformeerde Kerke het hulle op die Bybelse standpunt gestel, dat die Sending moet uitgaan van die gewone lidmaat. Dit was en is dan ook die plaaslike kerke wat 'n Sendingleraar beroep en hom uitstuur. Die plaaslike kerk is vir hom verantwoordelik en die Sendingleraar is alleen aan die kerk wat hom uitstuur verantwoording verskuldig. So is die sending op die eiland Soemba onder die Soembanees lankal georganiseer deur die Gereformeerde Kerk van Kampen.

Ek hoop dat dit 'n bietjie meer lig werp op die verhouding tussen die Gereformeerde Kerke in Nederland en Indonesië.

'N LESER.

Sienswyse van Lesers

Geestelike versorging klein Kleurling-groep in blanke omgewing.

Geagte Redaksie,

Deur my besigheid besoek ek party keer 'n vriendelike Vrystaatse dorpie, waarin al drie Afrikaanse kerke 'n gemeente en 'n kerkgebou het.

Naby die dorp woon 4 kleurling-families. Die kleurlinge werk glo in 'n meul en is nou al jarelank daar.

Sosiaal is hulle vanselfsprekend heeltemal geïsoleer en is net op hulself aangewys. Daaroor praat ons maar nie nou nie.

Maar nie een van die drie gemeentes daar doen iets aan hulle geestelike versorging nie.

Dit kan mos nie reg wees nie?

Die geval kan ook nie uniek wees nie.

Veral in die Kaapprovinsie sal dergelike situasies tog wel meer voorkom.

Daar is seker van u lesers wat daarvan weet, wat in die praktyk daarmee te doen het en 'n oplossing kan aanbeveel?

My kerk se sinode het laas jaar as volg besluit: „Hieruit volg dat ras- en volksvermenging as beginsel en reël op kerklike gebied verwerp moet word.” Die predikante daar sal dus niks kan doen nie, tensy hy die stelling só vertolk: „en dus as uitsondering toegelaat word.”

Is dit so, of sien ek dit verkeerd?

In hoeverre is die plaaslike predikant en kerkraad gebind deur die sinode-besluite?

Kan hulle skuiling soek in die besluite, as daar eenmaal verantwoording gedoen moet word oor die siele van daardie

kleurlinge? As dit van hulle hand geëis word?

Ek hoop iemand sal in die

Christus se twee nature.

Christus se Twee Nature

Geagte Redaksie,

Kan u vir my verduidelik of die stelling wat ek hierna uitsensit reg is en so nie wat dan die juiste siening is.

Ons glo en bely dat Christus twee nature gehad het en nog het. Allereers die Goddelike en dan die menslike natuur. Ons lees in die Bybel dat Christus toe Hy op aarde was baie handdelinge verrig het wat ons as wonders beskou. Nou staan ons gou klaar om die woord Wonder te gebruik vir iets wat ons nie direk begryp. Ook sy dissipels begryp niks daarvan nie en hulle is hoogs verbaas. Maar ons lees ook dat Christus vir hulle sê „dis nie moeilik nie, as julle maar die regte geloof sou hê.” Ek glo dat Christus hier sy twee nature wil verduidelik as Hy daaraan toevoeg „'n mens sy sondes vergewe is moeiliker.”

Ek glo dat Christus hier wil verduidelik dat hy die „wonders” verrig as MENS en die sondes kan vergewe as SEUN VAN GOD. Ek wil my redenering kortliks verduidelik.

Christus as Mens was net so volmaak as Adam voor die sondeval in die paradys. Ons kan aanneem dat Adam alle menslike hoedanighede gehad het, wat die mensdom nou vandag nog het, maar bowedien nog eienskappe wat die mens-

volgende uitgawe van u blad die oplossing bied.

Vir daardie kerkraad.

Vir so baie predikante en kerkrade.

Vir my.

D. OPPER.

dom vandag as geheel nie meer het nie. Ek noem telepatie, volmaakte geheue, gawe van genesing en so meer. Nou glo ek dat Christus al hierdie eienskappe ook in volmaakte vorm gehad het. Nie omdat Hy Seun van God was, maar Mens sonder sonde. As ons lees dat Hy die gedagtes van die skrifgeleerdes geken het, het hy die geken kragtens sy menslike natuur. Die genesings wat Hy doen kon hy doen uit sy menslike natuur.

Dit haal nie die Godheid of die werk van Christus omlaag nie, intendeel! Dit is asof Christus ons wil toon hoe ver die mensheid gesink het deur die sonde, sodat die mens verbaas staan as hy sien wat die mens sonder sonde kon gedoen het. Hierdeur werk Hy die berou in die mens, sodat die mens sy sondes bewus word. Dan sê die Godheid Christus: Kom ek vergewe jou jou sondes. Dis iets wat selfs die mees volmaakte mens nooit kon gedoen het en sal kan doen nie. Ook die menslike natuur in Christus nie.

Ek sien dit as een van die duidelikste bewyse van Christus self om ons sy Persoon en Wese duidelik te maak.

Nou is ek maar 'n nie-teoloog. Wie van ons teoloë is bereid om my 'n bietjie lig te verskaf?

Ouderling N.G. Kerk.

Haat en Vrees.

Sonde en Dood:

Die gevolge van die sonde is die dood, en die dood het deurgedaan tot alle mense, ook die geestelike dood, die verwydering, vervreemding, die verbysterende spanning tussen mense. Die mens, losgebreek van God, het sy naaste op die weg verloor. Hy sien hom nie meer raak nie, negeer hom, verlaat hom, verlaag hom tot 'n middel vir sy eie selfsugtige doeleindes. Haat maak sy verskyning. Abel slaan sy broer dood. Lameg, die waansinnige, selfsugtige grootprater dreig met verminking en dood! So het die splytswam van die sonde sy verwoestingswerk voortgesit — intensiewer, wreder, genadeloos eeu na eeu: oorloë, rewolusies, katastrofe op katastrofe.

Christus en die Lewe:

Christus — watter groot genade tog — stig 'n nuwe gemeenskap in sy bloed van almal wat Hom in die geloof aanneem. Dis die nuwe Israel, die wedergebore Bondsvolk, die uitverkore vergadering van gelowiges, sy duurgekoopte kerk. Dis 'n gemeenskap uit alle tale, nasies en tonge, uit alle rasverbande, afgesien van woonplek of huidskleur. Dis 'n gemeenskap van verlostes, die gemeenskap van die liefde. In die kringe mag nie meer gehaat word nie! Hulle is die nuwe

mensheid, nuwe skepels van 'n nuwe orde!

Op die heilige oorlogspad!

Hulle het oorlog aangesê vir alle haat en vrees wat daarmee gepaard gaan. Hulle enigste wapen is die evangelie van Jesus Christus, en die liefde vanuit die Hemel in hulle harte gewerk deur God self. Hulle is dissipels van Jesus. Hulle volg Hom na op die liefdesweg. Hulle luister na sy bevel om mekaar lief te hê soos Hy die Heiland, hulle liefgehad het. Dis 'n gemeenskap van die egte, ware, suiwer liefde waar warm liefdesbande gevoel word, waar hulle voortdurend binne die ligkring van die vleesgeworde Liefde, Christus, leef en werk.

En u, leser?

Leser, is daar haat in u hart? Haat u ander t.w. dié wat nie van u huidskleur is nie, dié wat u moontlik as vyande sien, u persoonlike vyande of groepsvyande? Lees dan I Joh. 4 vers 20: „As iemand sê: Ek het God lief, en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?”

Verder: Is u bang? Vrees u sekere mense, wat u skynbaar bedreig? As u waarlik liefde in u hart omdra, ook vir dié wat u vrees, gaan daar 'n wonder gebeur. U sal 'n radikale be-

vryding ondervind. Die vrees gaan sterf! „Daar is geen vrees in die liefde nie! maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, . . .” I Joh. 4 vers 18.

'n Wêreld van vrees en haat.

Nou, soos nooit tevore, moet ons die deugde van Hom verkondig wat ons geroep het uit die duisternis tot sy wonderbare lig. Sy liefde, sy geduld, sy vrede, sy onpartydigheid moet stralend weerkaats word deur ons in 'n wêreld vol bedroewende haat, vrees en spanning. Hierdie Sataniese magte het ons op die rand gebring van donker afronde: wêreldrewolusies, bewapeningswedloop, kernoorlog, wêreldwye vrees en paniek, skrikaanjagende onsekerheid! Het die Kongo, het Algerië, het die gebeure in ons eie vaderland ons nog nie geleer hoe gevaarlik haat en vrees kan wees nie?

Terug na die evangelie.

Ons pleitrede moet wees: terug na die Bybel en die Christus van die Bybel, terug na die liefdesgebed! Dit gaan groot offers vra. Dit gaan teen ons selfsug en hoogmoed in, maar dit moet. So nie, sal ons onder dié getel word wat hulle lewe wou behou maar wat dit — wat 'n bitter lot — tragies verloor het!

(Ingestuur).

unquestioning loyalty of its citizens, and we have not warned our people that such loyalty belongs to God—and to God alone. We have not realised that in “Christian” countries, there is a subtle tendency for the State to bolster its authority by appealing to Christianity to act as the “moral arm” of the State, and have not warned our people that to identify human wills or human policies with the will of God is arrogant and blasphemous idolatry. We have forgotten that all men—including ministers of State in every country—are sinful people, that their positions of power expose them to powerful temptations, that they will seek to rationalise not only their continued possession of power, but also their every use of that power. We have tended to over-emphasise the duty of the State to maintain law and order and neglect the State's parallel responsibility to promote justice and freedom. We have used Romans 13 to bolster the authority of the State, forgetting that Romans 13 has been twisted, in every century of history since Christ, to justify any and every tyranny on the part of “Christian” rulers. We have added an eleventh commandment “Thou shalt not embarrass the State”. We have remained silent when the State has impudently broken the

laws of God. And by our silence, we have said to the State “We agree with all that you do.”

In all this, we have been disobedient to God, have forgotten our noble and high calling to be the people of God before we are the citizens of our country. We have forgotten that God will judge our nation, that our protestations that we are a “Christian” nation do not weigh with Him beside the record, not of what we have said, but of what we have done. And we, as Church, have betrayed our own true nature. The State has invaded the Church and imposed its own standards upon the Church.

I end with a profound statement of a gathering of Christians meeting in Europe in 1937, just before World War II began, and after Hitler's meteoric rise to power: “The primary duty of the Church to the State is to be the Church, namely, to witness for God, to preach his Word, to confess the faith before men, to teach both young and old to observe the divine commandments, and to serve the nation and the State by proclaiming the Will of God as the supreme standard to which all human wills must be subject and all human conduct must conform. These functions the Church cannot renounce whether the State consent or not.” ROBERT ORR.

Oorryp Oesvelde - Sonder Maaiers

In die sogenaamde „Tomlinsonverslag” word daar by die ongeveer 3,300 geestelike arbeiders onder die bruin mense in die Republiek van S.A. alleen nog vyf- of sesduisend leraars ekstra benodig. Die berekening is gemaak op 'n basis van ongeveer 700 vir een predikant! Ons het meer bruin predikante nodig! Duisende!

Die oes staan wit en die arbeiders is min. Bid dan die Here

van die oes dat Hy arbeiders uitstoot in sy oesvelde!

Die ontwakende Afrika het geestelike leiers nodig, anders kom daar geestelike chaos!

Mag God tog ons harte en beurse oopmaak vir die saak! Laat ons minder mooi, duur geboue oprig en die offers daar bring waar dit vir die Godsryk van blywende waarde sal wees! (Ingestuur)

GELOFTEFEES

(Vervolg van bladsy 1)

Weer eens is dit egter nodig om die beginsel suiwer te stel: Dit mag nie 'n vlakke demonstrasie wees van 'n kunsmatige „eenheid” waaraan die Here Christus geen deel het nie . . . Dit moet 'n vergadering van Christene wees wat rondom die gelofte heen „TOT ZIJN EER” getuig! M.a.w.: Terwyl die sosiale gewete nie vir die Christen normatief is nie moet hy nogtans daarvan kennis neem (Die Christelike Vryheid van 1 Korinthiers 8 en 9). En daarom, waar die rassetoestand in ons land in 'n delikate balans tussen ordelikeheid en wanorde verkeer, is dit nodig dat veral hiër by die reëling van die verrigtinge, met groot omsigtigheid teweerk gegaan moet word . . . Beide blanke en nie-blanke Christene sal bereid moet wees om „twee myl met sy naaste saam te gaan . . .”, en ons glo dit kán! . . . „TOT ZIJN EER . . .”

HINDERNISSE IN BEREIKING VAN IDEEAAL

Die struikelblokke in die weg van so 'n ekumeniese getuigenis is egter groot: Daar is die feit dat die geskiedenis van die feesvierings in die skoot van die Afrikaanse volksdeel is en dat die kultuurliggame wat dit beheer van nature ongeneë is om hierdie feitlike alleenbeheer uit die hande te laat glip. Dan is daar ook die byna totale onverskilligheid van ander volksdele teenoor Geloftefees . . . Die belangrikste hindernis is egter die beskouing van dié

mense wat wel die skaal in die regte rigting kan laat kantel, dat dit nie prakties uitvoerbaar is nie, nl. die predikante en leidende lidmate van die Protestantse kerkgenootskappe in die land wat hulself opnuut (of, veral in die geval van die lede van ons Engelstalige genootskappe, vir die éérste keer) behoort te vergewis van die wonderlike geskiedenis en die geleentheid wat dit bied om „Zijn Naam daardoor (te) verheerlijken . . .”

As hierdie mense maar net in beweging kan kom . . .

Hulle is tog die leiers op daardie gebied wat die kern, die fondament van die gelofte uitmaak, naamlik die Redden-de Genade van God . . .

Watter wonderlike dag sal dit nie wees as byvoorbeeld die F.A.K. 'n beroep doen op Feesreëlingskomitees om Engelstalige Protestantse genootskappe te nooi om ook verteenwoordigers op die reëlingskomitees te benoem nie.

Of as die Pietermaritzburgse Stadsraad van houding sou verander in die bitter ongelukkige geskil wat gedraai het om 'n stukkie grond om 'n nuwe gedenkkerk op te rig nie. Selfs een enkele gebaar van welwillendheid sal wondere verrig.

En . . . dit is binne die mag van die organisatoriese kerke om dit te bewerkstellig.

Dan, waarlik, sal ons dit oë aan ons kinders kan sê dat die Roem en die Eer van Oorwinning aan Hom alleen gegee word!

E. ERASMUS.

LET THE CHURCH BE THE CHURCH!

(Continued from page 1).

his heart he makes his decisions by asking these simple questions: “Does it pay? Will I enjoy it? What will other people think?” We, we preachers and church leaders, have so “spiritualised” the Christian faith that the average Church member cannot see any connection between his worship on Sunday and his business on Monday.

REDISCOVER CHRIST'S VISION

We urgently need to recover all over again the vision of Christ himself for his Church: that we are in the world, but not of it (John 17 : 11-19). We need to realise that Church members just do not think of themselves as “strangers and pilgrims on earth, whose true home is in heaven.” Our standards, our values, our ideals, show no difference from those of the world around us. If we only knew it, we even speak a different language. The world speaks of “success”, we speak of “service”. The world speaks of “self-preservation”, we of “self-sacrifice”. The world speaks of “separateness”, we of “brotherliness”. All this we need to recover.

MOST OF ALL:

Above all, perhaps, it is in the realm of the Church's relationship to the State that we have gone sadly astray, have allowed other loyalties, other idols to take the place of God. In the past thirty years God has had some dreadfully stern lessons to teach the Church in this sphere—but how slow we are to learn them! We have forgotten that because of its power, and representative nature, the State (in all countries) has more and more tended to claim the absolute,

Kommentaar oor PRO VERITATE

'n Kleurlingleraar — N.G.
Kerk — skryf ons:

Ek het pas vandag u nuwe tydskrif ontvang. Ek wil net sê hoe bly ek is vir so 'n lofwaardige poging. Dit is iets wat ek voel wat lankal moes gebeur het. Die stigting van hierdie onafhanklike Christelike tydskrif, wat nie ander hoof na te praat of sake uit 'n sekere oogpunt sien nie is seker iets wat broodnodig is.

'n Mens kom so onbewus onder die indruk dat daar 'n mate van vrees bestaan om die waarheid te vertel. Ons lyk my so op verdediging te wees. Daar word gedurig gemaak wees tog versigtig. Die kerk moet praat maar die veld lê tog so vol dorings. Hierdie oorversigtigheid het my gehinder. Ek hoop ons sal in u blad die waarheid hoor soos hy reg het om gehoor te word. Die waarheid hoef mos nie skaam te wees om gehoor te word nie.

'n Gereformeerde Predikant skryf:

Die deurbloai van die nommer alleen het my oortuig dat dit van groot waarde gaan wees.

'n Professor skryf:

Ek het die eerste uitgawe van die blad met vreugde ontvang en met innige dankbaarheid gelees. Ek wil u daarmee gelukwens.

Ek dink dit is 'n pragtige begin en as u so kan voortgaan, sal dit 'n onmetelike weldaad ir alle Christelike Kerke in Suid-Afrika wees.

'n Ander skryf:

Baie welkom in ons midde, Nuweleing. Jy het fris ouers — mag jy stewig gehou word sodat jy ewewigtige en ambisieuse leiding gee. Voorlopig R2.00 vir jou eerste paar skoentjies. Dankie dat jy die vrymoedigheid gehad het om die eerste keer self te kom.

(SAL U ONS ASB. OOK VERDER AANTREK MET 'N PAAR ARTIKELS?)

Nog 'n Gereformeerde

Predikant skryf:

Wat 'n pragblad. Goëe kritiek volop.

'n N.G. Predikant:

Seën, groei en altyd soekende met eerlikheid na die waarheid word u geëerde blad toegebid.

Pro Veritate

Verskyn op die 15de van elke maand.

Korrespondensie & Administrasie: Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan: Posbus 487, Johannesburg.

Redaksie: Dr. P. G. Geertsema, Prof. dr. J. C. G. Kotzé, Dii, E. Prof. dr. J. C. G. Kotzé, Dii, E. E. Mohabani, R. Orr, J. W. Wessels en Prof. A. van Selms. Eindredakteur: Ds. C. F. B. Naudé

Intekengeld: Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate: R2 per jaar vooruitbetaalbaar. Oorsee: R2:50 per jaar vooruitbetaalbaar. Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

Hoeveel „moet”, „kan” of „mag” ek aan die Here gee?

TIENDES EN VRYWILLIGE BYDRAES

In hierdie opskrif vat ons eintlik twee groothede saam wat in wese sover van mekaar verskil dat dit nie moontlik is om die twee begrippe met mekaar te vergelyk nie. Hulle het slegs die uiteindelijke doel gemeen: Sowel die tiendes as die vrywillige bydraes is gawes vir die Here.

Ons bespreek eers die tiendes in die lig van die Skrif.

Die tiendes moes deur die volk Israël gegee word van alle veld- en boomvrugte en van die vee. Die getal tien dui aan die volheid. Vir Israël het dit beteken dat alles die eiendom van die Here is en dat hulle maar net teruggee wat hulle eers van die Here ontvang het. Op die volk Israël het die plig gerus om die gawes na die tempel te BRING, waar die Leviete dit in ontvangs geneem het. Hoewel die tiendes 'n offer vir die Here was, was die gawes bestem vir die Leviete, omdat hulle nie besittings gehad het nie en dus ook nie inkomste daaruit kon verkry nie. Van die gawes het die Leviete dan weer een-tiende afgegee aan die priesters, wat in dieselfde posisie verkeer het.

Elke derde jaar was daar egter nog 'n spesiale heffing van een tiende. Die heffing was nie alleen vir die Leviete nie, maar ook vir die weduwees, wese en behoeftiges. In ons erme van vandag sou ons kan „raat van 'n besondere kollekte vir die Diakonie.

Behalwe die genoemde heffing van tiendes was daar nog ander verpligte bydraes of heffings, waarvan ons alleen die offer van die eersteling neem.

Vandag is die meeste Skrifuitlegkundiges van mening, dat daar minstens twee heffings van een-tiende was, sommige is van mening dat daar selfs drie was.

Soos met baie van die Levitiese wette die geval was, was die heffing van een-tiende van alle opbrengste nie alleen bekend onder Israël nie. Daar was baie volke in die streke rond Israël wat tiendes aan hulle godheid geoffer het. Maar vir die uitverkore volk van Israël kry die normale handeling 'n besondere betekenis. Ons dink hierby aan die besnydenis, wat by die meeste volke in die omgewing van Israël toegepas is en nog in die Ooste in algemene gebruik is. Maar ook hier het dit vir Israël 'n besondere betekenis, naamlik dat dit die teken van die Verbond geword het.

Die onderskeid tussen die tiendes en die eersteling was dat die tiendes vir die Leviete en die Priesters gegee word, terwyl die eersteling aan die Priesters alleen toegeval het.

Israëliete wat ver van die heiligdom gewoon het, kon alles verkoop wat hulle vir die Here opsy gesit het en dan die opbrengs in geldwaarde inlewer. Hulle was geregtig om op die pad na die Heiligdom van die tiendes te gebruik wat hulle nodig gehad het. Ook tydens die verblyf by die tempel het die versamelde gelowiges ook self van die gawes geleef en fees gevier soos die Here beveel het.

Ons vestig nog die aandag daarop, dat die Here bepaal het dat die gawes na die Heiligdom gebring moet word. Die Heiligdom het so ook 'n plek van sosiale en maatskaplike betekenis geword, waardeur die onderlinge band en eenheid van die volk bewaar en versterk geword is.

Nou moet ons nie vergeet nie, dat Israël in 'n besondere posisie verkeer het. Israël was 'n teokratiese staat, regstreeks

deur die Here self geregeer. In Levitikus is die reglemente neergelê vir die daelike bestuur deur die Priesters. Die tiendes het dan ook 'n tweeledige bestemming:

- Onderhoud van die erediens.
- Onderhoud van die burgerlike bestuur.

Soos ons telkens weer in die Skrif kan lees, was die taak van die Priesters baie omvangryk. Hulle het by toerbeurt diens gedoen in die tempel. Maar daarnaas was hulle ook vrederegters en inspekteurs van gesondheid. As Jesus 'n melaatse geneses het, stuur Hy hom na die Priester, want dié alleen kon die genesene wetlik gesond verklaar.

Terloops vermeld ons nog, dat Israël behalwe die verpligte heffings ook nog 'n vrywillige bydrae gegee het „soos in julle gees opkom.”

Die heffing van tiendes het sy weg gevind na die lande van Wes-Europa, waar dit voor die deurbraak van die Christendom al gewoonte geword het. In die Merovingiese tyd het die kerk wat toe ook die wêreldlike mag direk of indirek besit het, die heffing van die tiendes geregulementariseer ten bate van die kerke en kloosters. In sommige lande het dit nie gewerk nie, omdat die grondbesitters hulle nie baie aan die kerk gesteur het nie. As Alva in die Nederlande die tiende penning wil invoer ontmoet hy groot teëstand. Dit het tot die Franse Revolusie geduur en in Nederland selfs tot 1907 voor die laaste spore van die tiendes uitgewis is en 'n meer moderne belastingstelsel ingestel is. Geld die heffing van die tiendes nou nog vir die kerk in die nuwe bedeling?

Ons sal eers nagaan watter lig die Nuwe Testament oor die saak gee. Ons kan al direk sê: Baie min.

In die verslae oor die eerste Christengemeenskappe lees ons niks van heffings of tiendes nie. Wel lees ons dat elk gegee het wat hy kon en dikwels dat die Christene alle dinge gemeen gehad het en dit uitgedeel het aan die armes. Nêrens sien ons egter dat dit 'n verpligting was nie, of ook maar 'n verwysing na die tiendes, bv. dat hulle meer of minder dan die tiendes gegee het.

Christus is ook nie beïndruk as die Fariseërs vir hom sê: „Sien ek gee tiendes van alles wat ek het”. Ananias en Saffira word ook nie gestraf omdat hulle nie genoeg gegee sou hê nie, maar omdat hulle die apostels bedrieg het. Dit was hulle sonde.

Die apostel Paulus skryf aan die gemeente in Korinthe dat hulle op elke eerste dag van die week moet opsy sit en opspaar namate elkeen se vermoë is. Daar moet dus volgens 'n vaste sisteem gegee word en ook reëlmatig. Dit was nie die geval met die tiendes nie, daardie heffing was jaarlikse heffing.

Sommige sê dat die vaste sisteem die tiendes gewees het, as ons dit loslaat en aan elkeen oorlaat wat hy wil gee, dan kry die Satan en sonde van gierigheid die oorhand. Hierdie argument is nie baie sterk nie, onder die oue bedeling met sy heffings van tiendes, sal daar

ook beslis Israëliete gewees het wat heeltemal niks of maar 'n deel van die tiendes gegee het.

Die oue bedeling met sy skaduweeagtige wette het weggeval en is vervul toe die voorhangsel geskeur het en die grootste offer nie meer die jaarlikse soenoffer van die Hoëpriester was nie. Die grootste offer was nou Christus wat Homself geoffer het en wat alles volbring het. Hy het die Wet vervul.

As ons dit nie aanvaar nie, maar volhou dat die oue wette, waaronder die tiendes, gehandhaaf behoort te word, dan maak ons twee foute:

- Verwerp ons dan nie indirek die soenoffer van Christus nie? Ons sê dan dat die Wet nog nie vervul is nie.
- Is ons dan nie inkonsekwent nie, want dán moet ons alle Mosaïese wette naleef en nie alleen die wet op die tiendes nie.

WAT DAN?

Wil dit nou sê dat ons maar kan gee wat ons goedgegunstlik wil afstaan? Sekerlik nie. Die Here eis nog van ons dat ons ons gawes afsonder. Nog is alles wat ons het van die Here en is ons maar net rentmeester, beheerders van die goed. Ons moet gee wat ons kan gee, want ons gee dan nog maar net wat ons in bruikleen ontvang het.

Vir die kerk van vandag en die gelowiges van vandag lê die aksent anders. As die gemeente in Klein-Asië hulle gawes aan Paulus' oorhandig, dra hulle by vir die Sendingwerk. Onder die nuwe bedeling gaan dit in die eerste plek om die uitdra van die Evangelie. Seker, ons moet ook die bestaande nie verwaarloos nie en seker moet ons dit probeer behou. Maar het ons daarvoor spoggerige kerke nodig? Ons mag nooit vergeet nie, dat die groot opdrag van Christus aan sy dissipels gelui het: Verkondig die Evangelie aan alle nasies. Dit is die grootste en vernaamste taak van die Kerk van Christus.

WAT KRY EK?

Ten slotte nog een punt. Kan ons dit so stel: As ons gee na ons vermoë, mag ons dan reken dat ons groter seëninge sal terugontvang?

Die antwoord lui: Nee en Ja.

As ek reken: ek gee en die Here sal my nou veelvoudig teruggee, dan is ek verkeerd as ek daarby op materiële seën let. Want as dit waar is, dat die gewer deur die Here in stoflike sin geseën sal word, dan is die omgekeerde ook waar. Dan sou hy wat nie aan die Here gee nie, nie materiële voorspoed hê nie. Ek waag dit nie om dit te beweer nie. Ons sien baie gelowiges gebrek ly

Die kerk in die wêreld

PROBLEME VIR DIE KERK IN JAPAN

In bykans geen land ter wêreld is daar so 'n absolute godsdienstevryheid soos in Japan nie, maar tog voel William P. Woodard, wat reeds baie jare in Japan woon, en navorsingsdirekteur is van Tokyo se Internasionale Instituut vir die studie van godsdienste, dat daar veral drie dinge is wat die voortgang van die Christendom in Japan stuit:

- Die eerste struikelblok vir die groei van die kerk en die Christendom in Japan is die kulturele en godsdienstige oriëntasie van die Japanner. Hierdie kulturele en godsdienstige oorblyfsels uit die verlede omvat realivisme, sinkretisme en 'n sterk sin vir sosiale verpligtinge. Hulle het 'n natuurlike verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste, wat vermenging van godsdienste 'n natuurlike trek van die Japanner maak. So vind ons dit 'n alle daagse verskynsel dat Japannese volgens Shinto-gebruike in die Shinto-heiligdom trou, en volgens Buddistiese rites begrawe word. In die Japannese godsdienste bestaan die heil nie as 'n geskape werklikheid nie, en daar is derhalwe geen behoefte aan 'n Skepper nie. So bestaan daar dan 'n baie oppervlakkige sondebegrip in die kultuurgodsdienste van Japan, en van erfsonde kan daar geen sprake wees nie. Animisme, of die verering van die voorvaders, is iets wat baie diep sit in die Japannese siel, en daarom is die kulturele agtergrond van Japan 'n ernstige struikelblok vir die Christendom.
- Die tweede ernstige hindernis vir die Christendom is

die Westerse aard van die Christelike kerk in Japan. Ten spyte van die oorsprong van die Christendom op die waterskeiding tussen Oos en Wes, beskou Japanners die Christendom as 'n Westerse, ja selfs 'n Amerikaanse godsdienste. Ander godsdienste het Japan binnegedring en die kultuurskat van Japan verryk, maar die kultuurvaste Japanner vrees die Christendom, omdat dit nie die kultuur van Japan wil verryk nie, maar wil verplaas en vervang. Die Christelike kerk het in die verlede die Westerse instellings en politieke sowel as sosiale begrippe aangebied as integrale deel van die Evangelie. Die onderlinge stryd en verdeeldheid onder Christene is vir die Japanner onversoenbaar met die Bybelse begrip van die liefde en broederskap van die gelowiges. Onlangs het 'n Buddistiese monnik hom as volg uitgelaat oor die Christelike godsdienste: „Ek dink daar is beslis iets in die Christelike godsdienste, maar ek glo nie die Christene weet wat dit is nie.”

- Die derde hindernis is die aard van die getuigenis wat die Christendom in die Weste lewer. Hier speel die radio, beeldradio en bioskoop 'n verdoemende rol. Ongelukkig is dit so dat negatiewe indrukke gelaat word as misdaad, rasseonluste, jeugmisdaad en Hollywood se egskeidingsyfer die maatstaf word waarmee die Oosterling die Westerse „Christendom” meet. Die populêre beeld van die Weste in Japan is een van dekadensie. Toeriste uit Christenlande besoek Japan in 'n groeiende stroom, en dis nodeloos om te ontdek dat hulle geen advertensie vir die Christendom is nie.

en ongelowiges in oorvloed lewe.

Maar as ons kyk na die innerlike seën, dan kan ons volmondig sê: Ja, die gewer word deur God ryk gemaak, want Hy skenk hom die innerlike vrede en rykdom, wat alle verstand te bo gaan. Dan sal hy miskien hier op aarde in stoflike sin gebrek en armoede ly, maar op die nuwe aarde sal hy ryk wees in God. Hier op aarde gee God hom daarvan 'n klein voorsmaaksel deur met sy Gees Hom te oorskadu en hom die belofte te gee van die Koninkryk der Hemele.

Dan vra ons ook nie meer hoeveel moet of kan of mag ek gee.

As ons werklik gee wat ons kan, dan is ons nie meer bekommer oor aardse besittings nie. As ons in die eerste plek die dinge van Gods Koninkryk soek dan sal ons daarbo ook die dinge van hierdie wêreld ontvang. Dit wil nie sê dat ons dan almal ryk sal word aan aardse goedere nie. Maar dit wil sê, dat ons verhef word bo die verlangete na aardse besittinge. Ons is nie meer hulle slaaf nie, maar hulle meester. Die verlangete na aardse besittinge het plek gemaak vir rykdom in hulle God en hulle Saligmaker.

J. DE BRUIJN.

(Saamgestel deur „Pro Ecclesia”)

Dit is tog interessant om daarop te let dat hierdie hindernisse vir die kerk in Japan ook geld vir die kerk en Christendom in ons eie land en omstandighede. Sonder om te vermeng met die inheemse heidendom, sal die kerk hom moet aanpas. Die potplant van 'n kerk uit 'n ander wêreld sal gebreek moet word en in die inheemse aarde ingeplant word. Die identifikasie van Christendom en „Westerse, blanke beskawing” werk nadelig op die groei van die inheemse kerk. Die kerk se primêre taak in Japan, en ook hier, is nie om met 'n oormag van sendelinge die heidense vesting omver te werp in 'n dramatiese poging nie, maar om die lidmate van die kerk te aktiveer om hulle belydenis uit te leef. 'n Gewone lidmaat wat in sy daaglikse lewe Christus uitleef, weeg veel swaarder by die ongelowige as die sendeling, of „professionele Christen” wat die Japanner of Bantoe wil leer wat hy sy eie medegelowiges nie kan leer nie.

DIE KERK IN CEYLON STUUR SENDELINGE NA AFRIKA

Dr. Ronald Gomes van Ceylon is pas deur die Methodistekerk as sendeling na Wes-Afrika gestuur. Ander sendelinge uit Ceylon wat tans sendingwerk in Afrika doen, is Dr. Roy Goonewardene wat in Nigerië arbeid, en Amelia de Vos in Kenia. Wie sou ooit vyftig jaar gelede kon droom dat die Ooste Christen-sendelinge na die Weste en na Afrika sou stuur?

(Vervolg op bladsy 8)

Die SWAARSTE van die Wet

Van oudsher ken die Christelike tradisie 'n drievoudige betekenis en gebruik van die wet van God. Daarvolgens word die funksie van die wet in die Christelike lewe in drieërlei sin omskrywe, nl. as kenbron van ons ellende, as reël van ons dankbaarheid en as spieël van die reg van God vir die owerheid wat geroep is tot die oprigting en die handhawing van die reg.

Dit is opmerklik dat ons in die leerboek van ons kerk, die Heidelbergse Kategismus, hierdie drievoudige funksie van die wet dan ook baie duidelik kan onderskei. Daarin word ons geleer dat ons ons ellende ken uit die wet van God, terwyl daar by die behandeling van die wet in sy besonderhede, soos dit in die derde hoofdeel, wat handel oor die dankbaarheid, ter sprake kom, telkens ook 'n verwysing is na die handhawing daarvan deur die owerheid.

DIE ONMOONTLIKE

Verder is dit opmerklik dat daar by die stelling van die wet as kenbron van die ellende, gesê word dat ons dit nooit volkome kan onderhou nie, aangesien ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat; terwyl daar, ná die bespreking van die wet as reël van dankbaarheid, tog gepraat word van 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid en van 'n ernstige voorneme om nie alleen na sommige nie, maar na al die geboole van God te begin lewe.

DIE MOONTLIKE

Ten opsigte van die volmaakte wet van God, staan die mens dus alleen maar skuldig en veroordeeld, en in die lig daarvan kom hy tot die besef van hoe groot sy agterstand is. Die kruis van Jesus Christus, waar alle gehoorsaamheid van die goddelike wet vir ons vervul is, red ons daarvan om, vanweë hierdie totale agterstand, ewig onder die toorn van God te versink. En in die dankbaarheid wat ons aan God vir hierdie groot weldaad bewys, tree die wet dan weer as norm en as maatstaf op die voorgrond. Hierdie keer egter nie as voorwaarde vir die saligheid nie, maar as lewensreël met die oog op 'n „klein beginsel” van die gehoorsaamheid. In die hart wat deur die alles-gewende liefde van God geraak is, ontwaak die begeerte, die lus en

(Vervolg van bladsy 2)

tussen hulle al meer noodsaaklik. Vroeëre skakels wat die dogterkerke in hulle onvolwassenheid met die moederkerk gebind het val geleidelik weg.

Hoedanige verband moet daar nou wees tussen moeder- en dogterkerke in Gereformeerde kring? Hier moet ons in gedagte hou, dat binne Gereformeerde kring (i) daar ruimte is vir 'n losser en 'n vaster kerkverband (ii) die kerkverband volgens die besondere omstandighede ingerig word en (iii) dat dit nie afgedwing mag word nie. Die Christian Reformed Church in die V.S.A. bv. hou verband met die Gereformeerde Kerk in Nederland deur korrespondensie.

Reeds het ons daarop gelet dat die Skrif en die ondervinding die planting van eiesoortige kerke regverdig. Die verband tussen moeder- en dogterkerke moet nie die selfstandigheid van die dogterkerke belemmer nie. Die dogterkerke moet ook vry wees om met ander inheemse kerke te

die liefde om na sy wil in alle goeie werke te lewe.

Dit is voorwaar die minste wat God verwag. En tog, as Jesus daarvan praat, noem Hy dit „die swaarste van die wet”. Hierdie uitdrukking het Hy gebesig in 'n redevoering waarin Hy o.a. die skrifgeleerdes en Fariseërs se manier van wetsbetragtting met 'n skerpe veroordeling afgewys het (Mat. 23:23). As ons die betrokke Skrifgedeelte lees, dan kom die vraag by ons op of dit wel „die swaarste van die wet” was wat die Fariseërs nagelaat het, en of dit nie juis andersom was nie. Het hulle nie juis die meeste probeer doen, die swaarste, alles tot in die fynste besonderhede, tot in die afweging van tiendes van kruisement en anys en koljander nie? Ja, inderdaad. Hulle wou hulleself voor God regverdig met alle moontlike voorsorg. Hulle wou die grootste—alles—doen, wat in die verhouding van die mens tot God juis die onmoontlike en die absurde is. En wanneer 'n mens jou so met die „grootste” besig hou, gebeur dit onvermydelik dat jy die minste nalaat. Die minste, wat juis die meeste is wat God verwag. Die swaarste van die wet. In hierdie geval, die doodgewone reg en barmhartigheid en trou.

Wanneer die Kategismus die wet as reël van die dankbaarheid aan ons voorhou, dan is dit „die swaarste van die wet”, in die sin soos Jesus daarvan gepraat het. Die meeste wat God verwag. Die minste. Wie dit maar noukeurig lees, sal die apostel daarin gelyk moet gee: Sy geboorte is nie swaar nie (I Joh. 5:3).

Laat ons dit met een voorbeeld illustreer. Die negende gebod: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Kan ons dit volkome onderhou? Nee, stellig nie as ons daarmee vir ons 'n geregtigheid wil uitwerk en oprig waarmee ons in die strafgerig van God kan bestaan nie. Wie dit

verenig, soos reeds elders in die Ooste en in Afrika geskied het. Aangesien die dogterkerke in beginsel reeds as selfstandige kerke onder Christus as hul Hoof bestaan, mag hulle nie gedwing word om met die Moederkerk in verband te tree nie. (Vgl. H. A. van Andel: De Zendingsleer van Gisbertus Voetius bl. 187). Aan die ander kant vind ons nêrens in die uitsprake van die Skrif, die Gereformeerde belydenisskrifte en die uitsprake van erkennde Gereformeerde teoloë enige aanduiding, dat die soek na verband met die ware kerk enigiemand op grond van taal, kultuur, volk, ras of kleur mag uitsluit nie.

Die meer verkieslike, breë verband tussen moeder- en dogterkerke in Suidelike Afrika sal waarskynlik wees: 'n Adviserende liggaam, waarop beide kerke verteenwoordig is. Ter wille van geografiese verwyderdheid kon die Ned. Geref. Kerk van Kaapland bv. verband deur korrespondensie met sy dogterkerk in Noord-Nigerië vind.

tog wil onderneem, raak so druk besig met sy eie regver-

DIE NEGENDE GEBOD

diging, dat alles diensbaar moet wees aan hierdie fanatieke selfregverdiging. Om maar voor God en mense bekend en verdienstelik te wees as een wat „geen valse getuienis teen sy naaste spreek nie”, word niks en niemand ontsien nie. Hoe swarter die naaste se ondeugde geskilder kan word, bv., hoe helderder skitter die eie deug. Die dood skuil in hierdie gebod as ons onself daarmee wil regverdig — altyd weer op een of ander wyse tog ten koste van die naaste. My „goedheid” kan dikwels juis des te duideliker bewys word met die „slegtigheid” van andere. Hoe 'n maklike weg is dit! As middel tot selfregverdiging, is die gebod van God soos 'n hefboom waarmee ons onself oor die rand van die afgrond heenstoot om in die hel neer te stort. Die maklikste weg blyk 'n weg van die dood te wees.

Maar as „die swaarste van die wet” aan ons voorgehou word soos die Kategismus dit doen, verwag God dan te veel van ons? Om in 'n regsak geen valse getuienis af te lê nie, niemand se woorde te verdraai nie, geen kwaadspreek of lasteraar te wees nie, niemand ligvaardig of onverhoord te oordeel of help veroordeel nie; maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel te vermy, tensy ek die sware toorn van God op my wil laai; om in die gereg en alle ander handelinge die waarheid lief te hê; ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë te verdedig en te bevorder? Verwag God dan te veel van ons? Of blyk dit, wat waarlik tog die minste is, in die fanatisme van ons eie regverdiging en „heiligmaking”, miskien die swaarste te wees? Is dit vir ons waarlik nie moontlik, bv., om ons goeie naam en eer te handhaaf anders as teen die prys van die goeie naam en die eer van ons naaste nie?

Vir hulle wat „die swaarste van die wet” nalaat, sê Jesus: „Wee julle”. En ons Kategismus waarsku dat hulle die toorn van God op hulle laai (Sondag 23).

B. ENGELBRECHT.

Vir die finale vaslegging van die belydenis van die dogterkerke sou dit weer wenslik wees, dat dit sal geskied op 'n buitengewone algemene sinode wat wel bindende besluite oor die leer kan neem. Inheemse dogterkerke sal hier onderling moet saamwerk en ook die moederkerke sal 'n bydrae moet lewer. Ouere Gereformeerde kerke het wedersyds hulle belydenisskrifte aan mekaar ter goedkeuring voorgelê en het saamgewerk in die opstel van Die Dordtse Leerreëls.

Daar is aanduidings, dat die jong inheemse dogterkerke in Gereformeerde kring vandag begerig is om hul verbondenheid met hul moederkerke te versterk. Hierdie jaar het die Moderator van die Sinode van een van die mees selfstandige Bantoe-dogterkerke van die Ned. Geref. Kerk van Kaapland hom as volg uitgespreek: „Tussen ons (d.w.s. Moeder en dogter) moet die deur groter oopstaan as tevore — dis ons wens . . . 'n Kind is altyd 'n kind . . . Al is 'n

Die kerk in die wêreld. II.

I.C.C.C. OORSAAK VAN KERKSKEURING IN KOREA?

Die skeuring in die „Korean Holiness Church” het in Desember finaal geword toe 'n skeurgroep van die kerk aangesluit het by dr. Carl McIntire se „International Council of Christian Churches”. Volgens berigte uit Korea sal die I.C.C.C. jaarliks groot somme

THE FIRST ALL-AFRICA YOUTH ASSEMBLY.

Ecumenical Youth Conference planned

(Nairobi) — Plans for the first All Africa Ecumenical Youth Conference to be held here the end of this year were made at a meeting in Nairobi last week. Sixteen persons from 11 countries representing the sponsoring bodies are members of the planning committee.

Scheduled December 28—January 7, the conference will bring together 500 young people from all parts of Africa for study of the theme “Free-

BILLY GRAHAM IN SUID-AMERIKA

Onlangs het Billy Graham 'n week - lange evangelisasieveldtog in Santiago, Chili, afgesluit. Vyftigduisend mense het saamgedrom in een van Santiago se parke om Billy Graham te hoor. Dit is beslis iets van buitengewone belang in 'n oorwegend Katolieke land. Chili is verlede jaar deur 'n

YOUR SUBSCRIPTION AND ADDRESS.

Two Friendly Requests.

Subscription: Several persons have requested us to enter their names as subscribers and to send them an account. Because of limited time and funds we find it impossible to comply with this request. Will you please complete the enclosed subscription form and send it together with your cheque or postal order to: Pro Veritate, P.O. Box 487, Johannesburg.

Correct Address: Will you please notify us if your name and address on the wrapper is incorrect by just sending the correct wrapper to: Pro Veritate, P.O. Box 487, Johannesburg.

kind 'n hoofman, met sy eie stat en gebied by bly kind. U sê ons het groot geword — ons stem saam, ons is groot. Maar moenie vergeet dat u die moeder is nie. U het ons gebaar.”

Die moederkerk moet tog sekerlik gewillig wees om in een of ander breë verband te staan met sy inheemse dogterkerke, indien laasgenoemde dit sou verlang.

Samevattend kan ons dan nou sê:

1. Gereformeerde kerke staan op grond van die Skrif met goeie reg 'n meervormige kerkpatroon voor in belang van die duidelike verkondiging van die Woord en die normale groei in die geloof teen eie taal-, kultuur- en groepsagtergrond.

2. Op grond van die Skrif soek Gereformeerdes met inagneming van hul meervormige kerkpatroon na 'n breë kerkverband, wat strek oor taal-, kultuur- en groepsgrense. Langs hierdie weg word die algemene kerk dan sigbaar. Die eenheid van gelowiges kom egter nie slegs tot openbaring

geld tot beskikking van die afgeskeie kerk stel. Sedert die besoek van dr. McIntire aan Korea is daar ook ernstige stryd in die Presbiteriaanse kerk aldaar, en wat veelseggend is, is dat te midde van die stryd die Katolieke kerk in Korea sodanig gegroei het dat die Katolieke onlangs 'n 300-bed hospitaal in Seoul kon voltooi teen 'n koste van R750,000.

dom Under the Cross.” The program will include Bible study, lectures, and “working parties”.

The Rev. A. Adeghola, former principal of the layman's institute at Shegama, Nigeria, is working full-time as secretary of the conference. The conference will be held in co-operation with the All Africa Church Conference, and under auspices of the YMCA, the YWCA, the World Student Christian Federation, the World Council of Christian Education and Sunday School Association, and the Youth Department of the World Council of Churches.

(Oorgeneem uit Ministry).

ernstige ramp getref toe 'n ontsettende aardbewing en oorstromings ongekende ellende gebring het. Die noodleniging deur die Wêreldraad van Kerke het nie ongemerk in Chili verbygegaan nie, en onlangs het Chili R1,500 aan die noodlenigingskomitee van die Wêreldraad oorhandig vir die Koreaanse Teringbestrydingsprogram, die Vluchtelingfonds en die hongersnood in Kenia.

INTEKENING EN ADRESSERING.

Twee Vriendelike Versoek.

Intekening: Versoek persone het ons versoek om hulle as intekenaars op die blad op te neem en 'n rekening aan hulle te stuur.

Met die beperkte tyd en fondse tot ons beskikking is dit onmoontlik om aan die versoek te voldoen. Sal u asseblief die ingeslote inskrywingsvorm voltooi en saam met u tjek of posorder stuur aan: Pro Veritate, Posbus 487, Johannesburg.

Korrekte Adres: Sal u ons asseblief laat weet as u naam en adres op die omslag nie korrek vermeld is nie. Stuur net die verbeterde omslag aan: Pro Veritate, Posbus 487, Johannesburg.

deur die daarstelling van een kerkverband nie, maar ook in wedersydse liefde, gesamentlike diens, getuienis en gebed.

3. Aangesien moeder- en inheemse dogterkerke histories, geestelik en in die praktyk baie nou verbonde is en weselik een kerk vorm, behoort hulle veral by die groter selfstandigwording van die jong kerke een of ander kerklike verband te soek. Die inheemse dogterkerke mag geensins gedwing word in 'n verband met die moederkerk nie maar die moederkerk behoort ook nie te weier om in verband met die dogterkerk te tree nie.

By die kweking van selfstandige eiesoortige kerke sowel as by die bewaring van die eenheidsband in die kerk gaan dit vir Gereformeerdes om die handhawing van die koningskap van Christus. Vir die Gereformeerde, vir wie dit in die laaste instansie gaan om die eer van God, is die eerbiediging van die Koningskap van Christus 'n saak van heilige erns.

W. J. VAN DER MERWE.